

**DIE REPRESENTASIE VAN SLAAFSKAP IN
DIE KREMETARTEKSPEDISIE DEUR WILMA STOCKENSTRÖM.
DIE VOORSTELLING VAN DIE ONVOORSTELBARE**

deur

Margarethé Maria Jordaan



**TESIS INGELEWER
TER GEDEELTELIKE VOLDOENING
AAN DIE VEREISTES VIR
DIE GRAAD VAN MAGISTER IN DIE LETTERE EN
WYSBEGEERTE
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.**

STUDIELEIER: Dr. Siegfried Huigen

DATUM: Desember 2000

VERKLARING

Ek die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

OPSOMMING

In hierdie studie word daar ondersoek ingestel na die moontlike rol wat letterkunde of fiksie kan speel in die geskiedskrywingsproses. As agtergrond word die problematiek rondom die bestaan en voorstelling van 'n 'objektiewe werklikheid' bespreek en uitgebrei na die terrein van die historiografie deur die bevragekening van terme soos 'objektiwiteit', 'werklikheid' en 'waarheid'. Daar word aandag geskenk aan verskuivende persepsies oor die aard van geskiedskrywing en aangedui dat historiografie nooit die verlede teenwoordig kan stel nie en dat geskiedskrywing altyd 'n geïnterpreteerde en subjektief-gekonstrueerde representasie van 'n verbygegane 'werklikheid' is.

Teen hierdie agtergrond word daar spesifiek gelet op 'n gedeelte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat, as gevolg van verskeie redes, 'ontbreek' in formele geskiedskrywing, naamlik slawerny. Daar word aangedui hoe hierdie gapings op suggestiewe wyse deur die literêre verbeelding 'gevol' kan word.

Die kremetartekspedisie deur Wilma Stockenström dien as voorbeeldteks om bogenoemde punt te illustreer deur spesifiek te let op die wyse waarop 'n slavin moontlik haar persoonlike ervaring van haar slaafskap sou kon verwoord soos dit in *Die kremetartekspedisie* deur die literêre verbeelding gedoen word.

SUMMARY

In this study the role played by literature or fiction in historiography is investigated. Firstly, the problem of representing an "objective reality" is outlined, and subsequently applied to the domain of historiography by questioning terms such as "objectivity", "reality" and "truth". Due attention is given to changing perceptions about the nature of history writing. It is indicated that historiography cannot render or recreate the past as something which is present here-and-now and, therefore, that history writing is of necessity always an interpreted and subjectively construed representation of an ephemeral "reality".

Against this background the thesis focuses on that part of South African history (slavery) which for a variety of reasons lacks a formalised historiography. It is indicated how the "gaps" created by the failures of formalised historiography can be "filled" by the suggestive power of the literary imagination.

Wilma Stockenström's *Die kremetartekspedisie* (1981) is used to exemplify the above claims by specifically noting how the personal slave experience is described through the literary imagination in *Die kremetartekspedisie*.

DANKBETUIGINGE

My opregte dank aan die volgende persone:

Dr. Siegfried Huigen, my studieleier, vir sy leiding in die voltooiing van hierdie studie en sy voortgesette belangstelling in my werk sedert my voorgraadse studiejare.

Dr. Isobel Hoving, dosent aan die Rijksuniversiteit van Leiden, vir haar lesings wat ek kon bywoon waar uiteenlopende wêrelde en idees kon ontmoet.

My ouers, Wilhelm en Jackie Jordaan, vir die wêrelde wat hulle vir my oopmaak en vir 'n huis sonder grense. En my broers en susters, Francois, Elmarie, Corinne, Willem en Marlene wat hierdie huis met my deel.

My mede-studente, Chris le Roux en Malan Steyn, vir hulle saamwees in Leiden.

INHOUD

1. Inleidend	1
2. Die problematiek rondom die 'voorstelling van die onvoorstelbare'	9
2.1 Die bevraagtekening van 'n objektiewe werklikheid	12
2.2 Verskuiwende opvattinge oor die aard van historiese representasie	17
2.3 Literatuur as mede-tekste binne die historiografiese proses	25
2.4 Fiksionele diskoerse teenoor historiografiese diskoerse	29
2.5 Slawerny in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing	33
3. Enkele aspekte van slaafskap	45
4. Die representasie van slaafskap in <i>Die kremetartekspedisie</i>	53
4.1 Slaafskap as 'besitting-wees'	53
4.1.1 Inbreuk op seksuele liggaamlikheid	56
4.1.2 Verlies van kinders	58
4.1.3 Genealogiese isolasie	64
4.1.4 Verlies van taal	65

4.2 Die slavin se ervaring van haar Self as geannekseerde	68
4.2.1 Die definiëring van die Self deur ander	69
4.3 Potensiële versoeners van verdeeldheid	73
4.3.1 Water as metafoor van die Self	73
4.3.2 Die kremetart as chronotoop	80
4.3.2.1 Die term 'chronotoop'	80
4.3.2.2 Die kremetart as tyd-ruimtelike konstruksie	82
4.3.2.3 Die kremetart as potensiële versoener van verdeeldheid	83
4.3.2.4 Die kremetart as teken van die eie geskiedenis	84
4.3.2.5 Die rol van die kremetart in die slavin se ver- houding met die Self	86
4.3.2.6 Ingeperktheid binne die ruimte van die kremetart	87
5. Samevatting en refleksie	92
7. Bronnelys	96

1. Inleidend

In hierdie studie word daar ondersoek ingestel na die moontlike rol wat letterkunde of fiksie kan speel in die proses van geskiedskrywing. Daar word spesifiek gelet op gapings in die geskiedskrywing wat deur die literatuur en die verbeelding op suggestiewe wyse gevul kan word.

Die ondersoek word gedoen deur te let op die gapings wat bestaan binne geskiedskrywing oor slawerny in Suid-Afrika. Hierdie gedeelte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is juis gekies omdat dit in 'n groot mate 'n versweë gedeelte van die geskiedenis is. Volgens Worden (1996: 10) is daar selde in geskiedenisboeke wat voor 1980 gepubliseer is, veel aandag geskenk aan slawerny. Indien daar wel gedeeltes gewy is aan slaafskap, was dit selde meer as enkele paragrawe en dan ook uit die perspektief van slaaf-eienaars of Europese reisigers.

'n Verdere probleem ten opsigte van die historiese weergawe van slawerny in Suid-Afrika, is dat daar feitlik geen gedokumenteerde weergawes van die slaaf se eie ervaring bestaan nie. Baie min slawe kon lees of skryf en daar is geen boeke wat deur slawe oor hulle lewe geskryf is, of enige briewe of dagboeke nie (Worden 1996: 9). Daar bestaan wel hofrekords waarin slawe se getuienis in hofsake weergegee word, maar Worden (1996: 15) maak die belangrike punt dat die geskiedskrywer in gedagte moet hou dat slawe in hierdie situasies onder geweldige spanning verkeer het en nie vrylik kon praat nie en dat die klerke wat die getuienis neergeskryf het, nie altyd alles kon verstaan nie. Dit is dus besonder moeilik vir 'n geskiedskrywer om die slaaf se eie ervaring in te sluit in geskiedskrywing.

As voorbeeldteks word *Die kremetartekspedisie* (1981) van Wilma Stockenström as histories-fiksionele novelle bestudeer om aan te dui hoe 'n fiksionele teks kan bydra om stemme te verleen aan die stemloses van die verlede.

Die kremetartekspedisie is 'n histories-fiksionele teks wat handel oor 'n slavin se ervaring van haar slaafskap. Hierdie teks is juis gekies omdat daar in dié novelle 'n karakter aan die woord gestel word wat op indringende en hoogs persoonlike wyse haar eie slaafskap verwoord.

Die slavin se beweging of ekspedisies word deurgaans binne die ruimte van slaafskap beskryf. Hierdie ekspedisies neem verskeie vorme aan soos gedagtereise, haar beweging van eienaar tot eienaar, 'n ekspedisie deur die binneland en haar beweging in en om die kremetartboom. Tydens al die 'reise' staan die beperktheid van die slavin se beweging voorop vanweë die feit dat al haar ruimtes gekleur word deur slaafskap.

Die kremetartekspedisie se intertekstuele verbintenis tot sogenaamde geskiedkundige feite is van 'n komplekse aard omdat dit nie gebaseer is op gebeure wat teruggevind kan word in geskiedkundige geskrifte nie. Tog kan dit as histories-fiksionele teks beskryf word omdat dit oor 'n gedeelte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik slawerny, handel. Terselfdertyd het dit 'n universele karakter in die sin dat die vae historisiteit van *Die kremetartekspedisie* die ruimte laat vir lesings van slaafskap oor die grense van tyd en ruimte heen.

Die representasie van geskiedenis en die kommentaar wat daar op Westerse persepsies van geskiedenis gelewer word in *Die kremetartekspedisie*, is volgens Gray (1991: 51) belangrike aspekte

wat nie genoeg aandag in studies en resensies oor hierdie novelle geniet het nie:

The key is Stockenström's attitude to history, which is challengingly "non-scientific" and "non-Western"; it is, rather, mythological and culturally anthropological. One enters a strange and refreshingly unfamiliar world when one enters this work. Familiar guidelines are missing. Names (of people, places), locations (of harbour-cities, trade routes, baobabs), national types (Shonas, Arabs, Khoikhoi), dates are not specified.

As fiksionele teks word daar in hierdie novelle deur 'n twintigste-eeuse skrywer deur die verbeelding gerepresenteer hoe 'n slavin moontlik haar eie ervaring sou weergee. Dit kan dus beskou word as 'n poging om aan twintigste-eeuse lesers iets voor te stel wat eintlik onvoorstelbaar is. Gray (1991: 54) beskryf hierdie narratiewe proses as twee-vlakkig:

[T]he pragmatic, internal level within the work, where the slave woman's story is her own case history; and the symbolic, external level, where Stockenström is the writer of our own times, writing within the context of today.

In hierdie novelle speel 'verbeelding' 'n belangrike rol. Stockenström (Odendaal, Mei 1988) lewer self die volgende kommentaar oor die 'hoe en waar' van *Die kremetartekspedisie*:

Ek het letterlik die reis op die landkaart uitgewerk en 'n kaart van die Ptolemeiese wêreldbeeld langs my gehou; want so het hulle gedink gaan hulle reis, en ek moes dit

inpas op die werklike landkaart en dit min of meer histories aanvaarbaar maak. Die slavin is gevang in vandag se Ruanda-Burundi, sy is geneem na Sofala waar sy grootgeword het en die reis wat hulle onderneem ... Nadat hulle van die eerste Portugese die storie gehoor het, besluit hulle, kyk, wat daai spul met 'n gesukkel om hierdie landmassa gedoen het, behoort moontlik te wees oor land; iets wat jy kan dink as jy 'n Ptolomeiese wêreldbeeld het. Toe besluit hulle - oor land. Hulle volg eers die ou slawe- en soutroete. Toe beland hulle aan die noordekant van die groot Sabierivier, dan eindelik kom hulle oor die rivier. Dan dwaal hulle af en dit eindig by Mapoengoebwe in Noord-Transvaal en die woestyn is die Kalahari, die rooiwoestyn. Aan die anderkant van die landmassa moes dan, volgens hulle berekening, Portugal lê. Dis hoe daardie wêreldbeeldjie gelyk het.

Hieruit blyk duidelik dat die historisiteit van *Die kremetartekspedisie* nie uitgespel is nie. Indien mens dit sou vergelyk met André P. Brink se *Houd-den-bek* (1982) wat daadwerklik teruggaan op 'n geskiedkundige gegewe, naamlik die "Bokkeveldse Opstand" onder die slawe van 1825, is dit duidelik dat *Die kremetartekspedisie* nie herlei kan word tot "geboekstaafde geskiedenis" nie. Gegewe die agtergrond kan gevra word hoe literatuur soos *Die kremetartekspedisie* as mede-teks¹ 'n rol kan speel in die proses van geskiedskrywing as die historisiteit klaarblyklik so vaag is?

¹ Die term 'mede-teks' en 'mede-tekstualiteit' verwys in hierdie studie na tekste wat aanvullend tot mekaar gelees kan word as vorme van geskiedskrywing en dus bydraend kan wees tot historiese beeldvorming. Die terme suggereer 'n alternatief ten opsigte van opvattinge oor die aard van geskiedskrywing wat 'n streng, en soms ook hiërargiese, skeiding tussen 'fiksiel literatuur' en 'feitlike geskiedskrywing' maak soos later bespreek sal word.

Myns insiens lê die antwoord deels in die begrip “verbeelding” soos deur Degenaar (1981: 127) gebruik. Volgens hom is een van die sentrale aspekte van die verbeelding om strukture te ontdek wat nie voor die hand liggend is nie. In *Die kremetartekspedisie* vind die leser ’n poging om die ervaringe van ’n slavin, soos dit *moontlik kon wees*, te verwoord. Hier is dus sprake van ’n verbeeldingsgedrewe ondersoek na onderliggende ervaringe wat in die formele boekstaving van die geskiedenis ontbreek. Mens sou dit ook kon verwoord in terme van die titel van hierdie studie, naamlik dat dit ’n poging is om dit wat in wese onvoorstelbaar is, wel voor te stel. *Die kremetartekspedisie* verrig dus die funksie om dit wat ontbreek in die tradisionele geskiedskrywing, onder woorde te bring.

Die kremetartekspedisie se mede-tekstuele aard hou verder verband met die wyse waarop die losmaking van ’n spesifiek bepaalde tyd en ruimte plaasvind. Hierdeur is dit nie slegs die ervaringe van een historiese bepaalde slavin wat onder woorde gebring word nie, maar ’n poging om die moontlike ervaringe van slavinne in die breë voor te stel. Op hierdie wyse word ’n verbeeldingsgedrewe universaliteitsdimensie verleen aan slawerny as verskynsel en die ervaring van slaafskap. Daar is in *Die kremetartekspedisie* enersyds ’n groot mate van onbepaaldheid maar tegelykertyd ’n diep eksplorering van die nuanses van slaafskap.

In afdeling 2.1 van hierdie studie word daar aandag geskenk aan die problematiek rondom die voorstelling van enige situasie of toedrag, spesifiek ten opsigte van historiese gebeure, teen die agtergrond van die bevraagtekening van die bestaan van ’n objektiewe werklikheid.

In afdeling 2.2 word daar 'n oorsig gegee oor die verskuiwende opvattinge oor historiese representasie om aan te dui hoe sieninge oor die aard van geskiedenis en geskiedskrywing ontwikkel het.

Om die leemtes rondom geskiedskrywing oor slaafskap aan te dui, sal daar ook 'n kort oorsig gegee word oor die bestaande geskiedskrywing oor slaafskap in en oor Suid-Afrika.

Hieropvolgend word histories-fiksionele diskoers teenoor historiografiese diskoers gestel om aan te dui in welke opsigte die twee ooreenstem en van mekaar verskil. In hierdie afdeling sal die moontlike rol wat verbeeldingsgedrewe literatuur kan vervul as medetekste in die geskiedskrywingsproses bespreek word.

In afdeling 3 word slaafskap konseptueel geanaliseer met die klem op die magswanverhouding tussen meester en slaaf. Hierdie afdeling dien as agtergrond vir die bespreking van *Die kremetartekspedisie* in afdeling 4 waarin daar spesifiek gelet word op die beskrywing van 'n slavin se moontlike ervaring van haar slaafskap. Die twee hoofaspekte van slaafskap wat bespreek sal word, is slaafskap as 'besitting-wees' en die slavin se ervaring van haar Self as geannekseerde – twee aspekte wat sentraal staan binne hierdie novelle.

Ek sal kortliks aandag skenk aan die belangrikste werk wat oor *Die kremetartekspedisie* gedoen is en aandui waar hierdie studie binne die reeds voltooide literatuurkorpus inpas.

Gerrit Olivier bespreek in sy artikel in *Standpunte* (1983: 7-12) die eksistensiële aard van die slavin se reis. Hierdie bespreking laat reg geskied aan die slavin se eksistensiële reis as weerspieëling van haar gedagte-wêreld, maar bly in 'n groot mate in gebreke om aan te

dui wat die relasie tussen haar uiteindelijke toestand van "gelatenheid en nihilisme" (1983: 10) en haar slaafskap is. In hierdie studie sal ek deur middel van 'n noukeurige teksontleding spesifiek aandag gee aan die verwantskap tussen die slavin se ervaring van haar Self en die gegewe dat al haar ervaringe bepaal word deur haar slaafskap.

In sy Marxistiese dekonstruksie van *Die kremetartekspedisie* doen Coetzee (1984: 39-49) 'n "eksperimentele leesverslag" met die uitgangspunt dat dit 'n "radikale scriptable teks" is (1984: 39). Hiermee bedoel Coetzee dat die leser as'tware die teks wat gelees word, herskryf. Daar word dus, volgens Coetzee, nie gevra *wat* die teks sê nie, maar eerder *hoe* die teks sê.

Die hoe, of die herskryf, word in Coetzee se geval gedoen binne die raamwerk van die dialekties-materialistiese ideologie waarvolgens klasse (die besittersklas of meesters en die besitte klas of slawe) nie sonder mekaar kan bestaan nie. Coetzee toon byvoorbeeld aan hoe die teks van *Die kremetartekspedisie* 'n ideologiese milieu skep waarin die "geforseerde en tragiese afhanklikheid" (1984: 48) van klasse op talige wyse bepaal word.

In my studie is die fokus juis op die *wat* van die teks. Dus: wat sê die teks oor die ervaring van slaafskap; waar taal dan die voertuig is van die verhaal wat vertel word oor 'n fiktiewe slavin se persoonlike, subjektiewe ervaring van slaafskap. Die verhaal van wat dit behels om 'n slavin te wees, word dus 'n fiksionele representasie van slaafskap en, daarmee saam, 'n aanvulling of mede-tekst van die geskiedenis van slaafskap.

In 1988 voltooi Gardner sy studie 'n *Marxisties-Feministiese ondersoek van Wilma Stockenström se roman Die*

kremetartekspedisie. Alhoewel enkele temas in my studie aansluit by temas in Gardner se studie (slaafskap, om besitting te wees, die kremetart as metafoor) verskil die uitgangspunte van Gardner se studie en hierdie studie grotendeels. Gardner se studie is binne 'n Marxisties-feministiese raamwerk om aan te dui hoe daar binne 'n kapitalistiese stelsel altyd heersers en onderdane, onderdrukkers en onderdrukte en eienaars en eiendom is, terwyl die bespreking van *Die kremetartekspedisie* in hierdie studie dien as voorbeeld ter staving van die argument dat letterkunde kan dien as mede-tekst tot geskiedskrywing.

Gray (1991: 55-56) skenk onder andere aandag aan Stockenström se gebruik van en kommentaar op die geskiedenis. Hy sien haar houding teenoor geskiedenis, soos reeds genoem, as uitdagend onwetenskaplik en nie-Westers en eerder as mitologies en kultureel-antropologies. In hierdie studie word daar in afdeling 2.2 bespreek hoe siening van historiese representasie deur die eeue heen verander het as agtergrond om aan te dui hoe 'n novelle soos *Die kremetartekspedisie* die verlede 'interpreteer' soos dit 'sou kon wees' en hoe 'n slavin haar eie slaafskap 'sou kon ervaar'. My studie sluit dus aan by Gray se siening dat *Die kremetartekspedisie* 'n alternatief bied ten opsigte van Westerse historiografiese vorme (Gray 1991: 56), maar ek let spesifiek op hóé slaafskap en die slavin se persoonlike ervaring van haar slaafskap in hierdie novelle gerepresenteer word.

Afgesien van Gray se artikel, *Some Notes on Further Readings of Wilma Stockenström's Slave Narrative, The Expedition to the Baobab Tree* (1991: 51-59), is *Die kremetartekspedisie* tot op hede nog nie bestudeer as mede-tekst van geskiedskrywing nie.

2. Die problematiek rondom die 'voorstelling van die onvoorstelbare'

'Voorstelling' oftewel 'representasie' verwys binne die letterkunde breedweg na die verband tussen literatuur en die werklikheid. Hedendaagse literêr-teoretiese strominge, soos dekonstruksie en postmodernisme, problematiseer hierdie verband. Hierdie problematiek sal bespreek word en uitgebrei word na die terrein van historiografie waarbinne die idee van representasie van die verlede bevraagteken word deur die problematisering van terme soos "objektiwiteit", "werklikheid" en "waarheid".

Die bevraagtekening van die moontlikheid van die bestaan van 'n objektiewe werklikheid, en die gevolglike onmoontlikheid van 'n representasie of voorstelling van hierdie werklikheid, word ondersteun deur hedendaagse filosofiese opvattinge oor persepsie.

Vanuit 'n objektivistiese denkklimaat, wat die grondslag is vir die positivisme, bestaan die opvatting dat persepsie van die werklikheid in beginsel berus op 'dowwe kopieë' van die dinge in die werklikheid, en dat dié kopieë regstreeks via die sintuie en die brein tot bewussyn gebring word. Hiervolgens is persepsie die direkte belewenis en ook voorstelling van die werklikheid-daar-buite.

In die postmodernistiese denkklimaat word persepsie van die werklikheid beskou as 'n konstruksie wat berus op die veelvuldige interpretasies van die werklikheid. Wat werklikheid is, is dus altyd geïnterpreteerde, gekonstrueerde werklikheid.

Tarnas (1991:397) skryf die volgende hieroor:

In this understanding the world cannot be said to possess any features in principle prior to interpretation. The world does not exist as a-thing-in-itself, independent of interpretation; rather, it comes into being in and through interpretations [...] the human mind never stands outside the world, judging it from an external vantage point. Every object of knowledge is already part of a preinterpreted context, and beyond that context are only other preinterpreted contexts.

Wat hieruit volg, is dat geen gebeurtenis of toedrag volledig en onbevooroordeeld voorgestel kan word nie. Hiermee word in kort gesê: Omdat voorstellings van die werklikheid onvolledig en bevooroordeeld is, is die werklikheid in beginsel “onvoorstelbaar”.

“Onvoorstelbaar” in ’n historiografiese sin verwys na die onvoorstelbaarheid van ’n versweë mensheid. Dit verwys na toedragte waar daar byna geen opgaaf, geen rekord, geen verbale nalatenskap is, wat kan dien as talige getuieis van menslike ervaring nie. Hierdie betekenisdimensie kom duidelik na vore as die representasie van historiese gebeure en toedragte vergelyk word met literêre representasie van die gebeure en toedragte van “die-mens-in-slaafskap”.

So byvoorbeeld kan toedragte soos dit geheers het tydens Apartheid en die Holocaust, soos enige ander historiese gebeurtenis, nooit objektief en volledig gerepresenteer word nie. Dit is ook onvoorstelbaar in dié sin dat die menslike lyding wat daarmee gepaard gegaan het, moeilik voorstelbaar is vir diegene wat nie direk daaraan

deel gehad het nie. Selfs as geskiedskrywers deel daarvan was, kan hulle interpretasies en konstruksies nie die verloop van gebeure en toedragte presies vasvang en weergee nie.

In die geval van slaafskap is representasie nog meer problematies, en wel om die volgende rede. In vergelyking met byvoorbeeld die Holocaust en gebeure tydens die Apartheidsera, waaroor daar heelwat deur verskeie betrokkenes geskryf is, bestaan daar feitlik geen dokumente wat deur slawe self geskryf is nie. Dit wat ontbreek ten opsigte van slawerny, is dus die slaaf se eie getuienis.

In Suid-Afrika bestaan slegs enkele slaaftekste wat hoofsaaklik dateer uit die tydperk na 1830. Volgens Cuthbertson (1992: 44) is dit onwaarskynlik dat daar veel na vore sal kom oor slawe se eie weergawe van hulle slaafskap:

[...] the extensive *opgaaf* rolls in the Cape Archives are [...] extremely rich in information, but they do not capture the personal slave testimony.

Anders gestel: gebeure rondom slawerny betreffende die individuele slaaf se ervaring, is nog meer onvoorstelbaar as die ervaringe van dié wat gelyk het tydens die Holocaust en onder Apartheid, waar sommige wel verslag doen/gedoen het oor hulle persoonlike ervaringe. In die geval van slaafskap kan daar gepraat word van versweë menslike ervaring. Narratiewe tekste soos André P. Brink se *Kennis van die aand* (1973), 'n *Oomblik in die wind* (1975), *Houd-den-bek* (1982) en Wilma Stockenström se *Die kremetartekspedisie* (1981) is literêre voorbeelde van Suid-Afrikaanse tekste waar daar geslagte verwyderd gepoog word om die ervaringe van slawe te rekonstrueer.

Teen hierdie agtergrond is die frase 'die voorstelling van die onvoorstelbare' gelaai met paradoksaliteite, want oplaas word hiermee gesê: voorstellings aangaande die werklikheid is 'n projek van onmag en onvermoë om juis dit wat nie tot spraak gekom het nie, uit te spreek, en om dit waarvan daar geen getuienis oorgelewer is nie, bekend te maak.

2.1 Die bevraagtekening van 'n "objektiewe werklikheid"

'n Belangrike vraag wat onderliggend is aan vrae oor die moontlikheid van historiese representasie hou verband met vraagstukke oor die bestaan van 'n objektiewe werklikheid. Daar sal dus eers aan hierdie problematiek aandag geskenk word en daaropvolgend sal die bespreking toegespits word op representasie in geskiedskrywing.

Binne 'n modernistiese en positivistiese tradisie word waarheid en werklikheid gesien as iets wat in beginsel blootgelê en ontdek kan word. Sodanige blootlegging bring die essensies van die waarheid en die werklikheid na vore in die vorm van die enkele betekenis en die enkele waarheid. Volgens Rorty (Cohen 1989: 236) het positivisme juis die idee laat ontstaan van "a portion of culture where we touch something not ourselves, where we find Truth naked, relative to no description".

Hierdie siening word egter deur verskeie filosofiese en literêre-teoretiese strominge soos die postmodernisme, konstruktivisme en dekonstruksie bevraagteken. Binne hierdie bewegings en praktyke word daar wegbeweeg van die idee dat daar 'n enkele betekenis opgesluit is in die werklikheid en die gepaardgaande bestaan van 'n enkele waarheid. Hare-Mustin en Marecek (1990:25) stel dit as volg:

Rather than concerning themselves with a search for "the truth", they inquire instead about the way that meanings are negotiated, the control over meanings by those in authority, and how meanings are represented in language.

Hare-Mustin en Marecek verwys voorts ook na Rorty se stelling dat die belangstelling in die konstruktivisme en dekonstruksie 'n groeiende skeptisisme in die positivistiese wetenskapstradisie en essensialistiese teorieë van waarheid en betekenis reflekteer.

Indien mens, volgens 'n konstruktivistiese uitgangspunt, dit sou stel dat daar geen direkte, ware weergawe van die werklikheid is nie, word die idee van literatuur as weergawe van die werklikheid ook geïnterogeer. Sou daar geargumenteer word dat elke representasie van die werklikheid bloot 'n representasie is en nie die werklikheid self is nie, is literatuur ook net 'n blik op die werklikheid - 'n talige medium waardeur iemand (hetsy skrywer en/of karakter) se werklikheidservaring weergegee word. Daar kan ook verder geargumenteer word dat daar geen oorspronklike oerwerklikheid bestaan nie en dat elke weergawe bloot 'n konstruksie is.

Daar sou ook op hierdie manier gekyk kon word na geskiedskrywing. Indien die bestaan van 'n objektiewe werklikheid bevraagteken word, word die moontlikheid om 'n werklikheidsgetroue weergawe van die geskiedenis daar te stel, terselfdertyd ook bevraagteken. In die breë kan geargumenteer word dat die mens geen objektiewe geskiedkundige kennis kan hê nie omdat die mens nie beskik oor toegang tot 'n gegewe geskiedenis waarmee mededingende representasies vergelyk kan word nie.

Volgens Bevir (1994: 328) maak hermeneutiese teoretici hierdie punt aan die hand van die historisiteit van die mens se verstaan. Hiermee word bedoel dat mens geen toegang kan hê tot 'n objektiewe, gegewe verlede nie, omdat enige verstaan van die verlede gekleur word deur die vooroordele van die betrokke historiese situasie van waar die verlede beskou word. Bevir (1994: 328) verwys in hierdie opsig na die volgende stelling van Gadamer:

There is no understanding or interpretation in which the totality of this existential structure (the historicity of being) does not function, even if the intention of the knower is simply to read 'what is there' and to discover from his sources 'how it was'.

Volgens Bevir (1994: 328) maak genealoë 'n soortgelyke punt deur aan te dui wat die rol van diskoerse en magstelsels is in die produsering van kennis, ook historiese kennis. Hierdie uitgangspunt impliseer dat mens geen toegang kan hê tot 'n objektief gegewe verlede nie omdat die verlede gekonstrueer is deur diskoerse wat op sigself die effekte is van die mag van episteme wat die diskoers dikteer.

Bevir (1994: 329) verwys voorts ook na die siening van die dekonstruksioniste dat niks direk weergegee kan word as 'n gegewe waarheid nie, 'n siening wat verband hou met die dekonstruksioniste se interpretasie van die aard van taal:

We cannot have access to a given past because the objects of the past, like all other objects, do not have stable meanings or identities. For example, Jacques Derrida has suggested that all discourse includes a "trace (of that)

which can never be represented", so any attempt to pin down the nature of an object will exhibit a logic of supplementarity with the language on the account of the object referring to something ostensibly excluded from the account of the object.

Die bevraagtekening van 'n objektiewe werklikheid en die bevraagtekening van die moontlikheid om die werklikheid weer te gee, is ten nouste verbonde aan mekaar. Jenkins (1991: 7) beskryf historiografie as 'n intertekstuele, linguistiese konstruksie. Elke poging om die 'werklikheid' verbaal voor te stel, maak gebruik van taal, maar taal as simbolestelsel is nie die werklikheid self nie en kan gevolglik nie die werklikheid direk weergee nie.

Elke keer as iemand die werklikheid probeer weergee soos hy/sy dit ervaar, is daar wel 'n verband met die werklikheid, maar dan nie met 'n objektiewe werklikheid nie, maar 'n subjektiewe werklikheid. Elke weergawe van die werklikheid kan dus langs ander weergawes van die werklikheid geplaas word en saam mede-tekste vorm binne die voortdurende konstruering van 'n veelheid van werklikheidsvoorstellings.

Die voorafgaande uitgangspunte verwerp die moontlikheid om 'n objektiewe historiese werklikheid daar te stel vanweë uiteenlopende redes, hetsy die historisiteit van die mens se wese, die invloed van mag op diskoerse of die afwesigheid van stabiele betekenis. Teen dié agtergrond kan die implikasie van die ontkenning van die bestaan van 'n objektiewe werklikheid met geskiedskrywing in verband gebring word. Die talige teboekstelling van die geskiedenis kan nooit objektief wees en die 'volle waarheid' bevat, indien die bestaan van 'n objektiewe werklikheid bevraagteken word nie. Die talige

teboekstelling van geskiedenis word noodwendig gekonstitueer vanuit die geskiedskrywer se perspektief en is gevolglik 'n blote subjektiewe seleksie van gebeure en toedragte. Worden (1996: 13) stel dit as volg ten opsigte van geskiedskrywing oor slaafskap:

[...] finding out about slavery is not easy. There is no simple 'truth' out there waiting to be discovered. Historians are like painters who paint pictures based on what they feel and see around them, drawing on evidence they find. But each picture will be different.

So gesien is geskiedskrywing 'n onvoltooide proses. Wat deur een geskiedskrywer weggelaat is, word deur 'n ander vooropgestel. Mettertyd word daar ook nuwe bronne opgediep wat ander voorstellings van historiese gebeure en toedragte oplewer.

Vervolgens sal daar in breë trekke aandag geskenk word aan die ontwikkeling van die historiografie vanaf die 18de eeu met spesifieke klem op hedendaagse vrae wat gestel word oor die aard van geskiedskrywing. Die doel van hierdie oorsig is enersyds om aan te dui hoe die skeiding tussen literatuur en geskiedenis ontstaan het en andersyds om aan te dui hoe sieninge oor die aard van geskiedskrywing ontwikkel het tot die hedendaagse vervaging van die grense tussen "geskiedskrywing" en "letterkunde" wat in so 'n mate plaasgevind het dat 'n teks soos *Die kremetartekspedisie* as 'n bron van geskiedskrywing beskou kan word.

2.2 Verskuiwende opvattinge oor die aard van historiese representasie

Voor die negentiende eeu is die wetenskap en die literatuur nie as aparte domeine gesien nie. Die wetenskap is gesien as 'n kwessie van vertelling, boekwysheid, tekswysheid en leeswysheid en 'n wetenskaplike was gesien as 'n geleerde en 'n geletterde. Bulhof-Rutgers (1984: 77) noem in hierdie opsig die voorbeeld van 'n fabel oor 'n slang wat nie gesien was as minder belangrik of minder leeswaardig as 'n werklikheidsgetroue beskrywing van die huid van 'n slang nie. Literatuur is dus nie gesien as ondergeskik aan wetenskap nie.

Die ontstaan van 'n eie domein van die wetenskap het saamgehang met die opgang van rasionalisme en empirisme. Sodoende het daar 'n skeiding gekom tussen “fabels” en “feite”. 'n Gevolg hiervan was dat die empirisme en rasionalisme die vertelkennis wat deur tradisie oorgelewer is, ondermyn het. Die rasionalisme verset sigself teen onwetenskaplike verhale en lê die klem op dit waarvan die rede bewus word agter die uiterlike van dinge, terwyl die empirisme die klem laat val op dit wat die oog waarneem.

Volgens hierdie twee strominge in die wetenskap moes kennis sekergestel word en die moderne subjek moet kan onderskei tussen wat “waar” is en wat “versin” is. Alle tradisionele vertelkennis moes eers getoets word voor dit as “wetenskaplike waarheid” opgeneem word – dit wat nie getoets en as waar bewys kan word nie, word verwerp.

Volgens Bulhof-Rutgers (1984: 79) het hierdie skeiding tussen “om met eie oë te sien” en “hoor-sê” gelei tot die onderskeid tussen “wetenskap” en “literatuur”. Daar het dus ook 'n skeiding ontstaan tussen geskiedskrywing as wetenskap en historiese fiksie.

Die grondlegger van moderne historiese wetenskap, Leopold von Ranke (laat-agtiende, begin-negentiende eeu), het die volgende as

ideaal gestel vir sy eie geskiedskrywing:

[...] to avoid imagination in his historical writing, to stick to the facts, and to describe faithfully what had happened (Bulhof 1983: 3).

Von Ranke het die gebruik van 'n literêre betoog in geskiedskrywing verwerp asook die literêre wortels van geskiedskrywing. Hy was teen die spekulatiewe geskiedsfilosofie van Hegel en teen geskiedenis as onbewese verhaal. Vir Von Ranke was die hoofdoel in sy geskiedskrywing om nuwe kennis aan die lig te bring. Waar daar dus gapings in geskiedskrywing was, het hy verskeie dokumente en verslae van ooggetuies geraadpleeg om hierdie gapings te vul.¹

Von Ranke wou dus geskiedenis vir sigself laat praat deur bloot te rapporteer wat presies gebeur het, oftewel 'hoe dit eintlik was'. Bulhof-Rutgers (1984: 88) stel dit soos volg:

Waar de gebeurtenissen zelf spreken, waar de pure samehang laat zien hoe alles met elkaar verbonden is, hoeft de schrijver niet veel woorden te gebruiken.

Die ideaal van geskiedskrywing soos geformuleer deur Von Ranke het 'n wesenlike invloed gehad op geskiedskrywing. Bulhof (1984: 3) stel dit soos volg:

¹ Hier moet egter gelet word op die problematiek ten opsigte van slaafskap en slawerny. Alhoewel daar verskeie dokumente bestaan oor slawerny, is daar nie werklik sprake van gedokumenteerde weergawes van slawe se individuele ervaringe nie. Daar bly dus gapings in die geskiedenis omdat geen weergawe volledig kan wees en alle perspektiewe kan betrek nie. Dit is dan juis hier waar literatuur en die verbeelding, soos later meer uitgebreid geargumenteer sal word, die gapings suggestief kan vul met "spekulatiewe" geskiedskrywing.

Ever since the founder of modern historical scholarship stated that he wanted to avoid imagination in his historical writing [...] professional historians have scorned the usage of the imagination in their renderings of the past. These days historians may realize that Ranke's version of historical realism is somewhat naïve, that, for instance, describing the past always involves selection of the facts that go into the story, and that for that reason exact descriptions are impossible. But nevertheless they still purport to reconstruct rather than construct the past.

Von Ranke en ander negentiende-eeuse geskiedskrywers se siening van geskiedskrywing as empiriese wetenskap het 'n verdere belangrike onderliggende beginsel gehad. Alhoewel 'n duidelike onderskeid gemaak is tussen hede en verlede, is die gebeure van die verlede en die hede gesien as een ononderbroke stroom van 'n ontvouende historiese lewe: "For Ranke the past world was a 'text', different from the text of the present, but written by the same beneficent God and in the same language as the present." (Bulhof 1983: 6). Geskiedenis is dus nie gesien as 'n gefragmenteerde, subjektiewe konstruksie nie, maar as 'n lineêre en progressiewe reeks gebeure wat ontdek en objektief gerekonstrueer kan word.

Dit is dus duidelik dat Von Ranke geskiedenis beskou het as iets wat sigself aan die beskouer daarvan ontbloot en volgens hom is al wat 'n historikus nodig het 'n openheid om gebeurtenisse en figure van die verlede suiwer waar te neem.

Teen die einde van die negentiende eeu is hierdie siening van geskiedenis en geskiedskrywing bevraagteken. Bulhof (1983: 8) noem die volgende metodologiese vrae wat gelug is:

Can the past, in view of the limitations of the human mind, be described objectively? Which is history's appropriate method of knowing the past: causal thinking, empathy, or hermeneutic understanding? Can the past be described without being interpreted? Can a past which does not exist be described at all? What is the appropriate language for history: scientific, ordinary or literary language?

Hierdie vrae is deur verskeie historici gesien as 'n onnodige ondermyning van die historikus se aanspraak dat geskiedenis ware kennis produseer en dat konstruksionisme die status van geskiedenis verlaag tot kuns en literatuur wat slegs subjektiewe fantasieë kan produseer wat magteloos is om reg te laat geskied aan die verlede (Bulhof 1983: 7).

Metodologiese vrae soos dié waarna Bulhof verwys, kan inderdaad gesien word as voorlopers van die konstruktivistiese werklikheidsbeskouing en die postmodernistiese denkklimaat. Hiervolgens is die blootlegging van die geskiedenis nie 'n geval van "suiwer persepsie" - soos Von Ranke beskryf nie. Persepsie van die werklikheid is eerder 'n konstruksie wat berus op interpretasie. Wat "werklikheid" is, en dus ook "geskiedenis" en geskiedskrywing, is altyd 'n geïnterpreteerde en subjektief-gekonstrueerde werklikheid.

Vanuit 'n postmodernistiese perspektief is Von Ranke se ideaal onhaalbaar omdat enige voorstelling van die werklikheid onvolledig en bevooroordeel is en in wese "onvoorstelbaar".

Geskiedenis is dus nie 'n spieëlbeeld van die verlede nie, maar eerder 'n manier van praat of teoretisering oor die verlede wat altyd vanuit 'n

spesifieke analitiese en metodologiese raamwerk geskied. Daarom kan dieselfde gedeelte van die verlede oor tyd en ruimte op verskeie wyses gelees word.

Jenkins (1991: 6) maak die belangrike onderskeid tussen geskiedenis en die verlede in die sin dat hy geskiedenis beskryf as 'n diskoers oor die verlede en dat geskiedskrywing nie die verlede self is nie. Hierdie siening staan in direkte teenstelling met Von Ranke se siening van geskiedenis as 'n ononderbroke stroom van 'n ontvouende verlede.

Alhoewel hierdie onderskeid wat Jenkins maak voor die hand liggend voorkom, noem hy drie redes waarom hierdie onderskeid nie uit die oog verloor moet word nie.

Eerstens moet geskiedskrywers in gedagte hou dat die verlede op sigself nooit bestudeer kan word nie. Dit wat in die verlede gebeur het, is verby en kan slegs teenwoordig gestel word deur mediums soos boeke, artikels en dokumentêre programme. Jenkins (1991: 7) stel dit as volg:

[...] this means that history is quite literally on library and other shelves. Thus if you start a course on seventeenth-century Spain, you do not actually go to the seventeenth century or Spain; you go, with the help of your reading list to the library. This is where seventeenth-century Spain is – between Dewey numbers – for where else do teachers send you to 'read it up'? Of course you could go to other places where you can find other traces of the past – for example Spanish archives – but wherever you go, when you get there you will have 'to read'. This reading is not spontaneous or natural but learned – on various courses for

example – and informed (made meaning-full) by other texts. History (historiography) is an inter-textual, linguistic construct.

'n Tweede rede wat Jenkins aanvoer waarom hierdie onderskeid so belangrik is, is dat elke lesing van die geskiedenis eintlik 'n lesing van 'n ander persoon/persone se lesings is. Sou mens byvoorbeeld slawerny aan die Kaap tussen 1680 en 1731 wil bestudeer en jy lees Robert Shell se *Slavery at the Cape of Good Hope from 1680 - 1731*, is jou lesing van hierdie gedeelte van die verlede eintlik 'n lesing van sy verstaan daarvan en nie van die verlede self nie.

Die derde rede wat Jenkins aanvoer, hou direk verband met die tema van hierdie studie, naamlik die weglating van groepe mense uit die geskiedenis:

Although millions of women have lived in the past few of them appear in history, that is, in history texts. Women, to use a phrase, have been 'hidden from history', that is systematically excluded from most historian's accounts. [...] And at this point [one] might pause to consider how many other groups, people(s), classes, have been/are omitted from histories and why [...].

Hierdie onderskeid tussen die verlede en geskiedskrywing is voorts van belang omdat dit 'n klemverskuiwing impliseer. Die vraag "hoe kan mens die verlede rekonstrueer?" word tersyde gestel vanweë die onmoontlikheid van so 'n doelstelling en binne 'n postmodernistiese raamwerk verander die vraag eerder na "wat is die aard van die wyses waarop geskiedskrywers die verlede weergee?". Geskiedskrywing word binne hierdie raamwerk selfrefleksief ondersoek omdat geen

weergawe van die verlede “natuurlik” geskied nie, maar binne ’n geselekteerde metodologiese en analitiese raamwerk en dat dit belangrik is vir historici om bewus te wees van die raamwerk waarbinne hulle die verlede aanbied.

Jenkins (1991: 9) beskryf hierdie “onnatuurlike” aard van geskiedskrywing soos volg:

They construct the analytical and methodological tools to make out of [...] raw material their ways of reading and talking about [history]: discoursing. In that sense we read the world as a text, and, logically, such readings are infinite. By which I do not mean that we just make up stories about the world/the past [...] but rather the claim is a much stronger one; that we cannot get out of these stories (narratives) to check if they correctly correspond to the real world/past, because these ‘always already’ narratives constitute ‘reality’.

Binne die postmodernistiese bevraagtekening van waarheid en kennis word daar dikwels van stories op letterlike en figuurlike vlak gebruik gemaak om weg te beweeg van die idee dat daar slegs een Ware Storie of Meesternarratief bestaan - ook dan ten opsigte van die weergee van die verlede in geskiedskrywing.

McHale (1992: 4) stel dit soos volg:

Story, in one form or another, whether as object *of* theory or as the alternative *to* theory, seems to be everywhere. Historiography (LaCapra ... White ...) psychology (Spence ... Bruner ...) philosophy (Rorty ...) sociology (Brown ...)

economics (McCloskey), and many other fields and disciplines of the human sciences – all have recently been affected by what Christopher Norris...has called the 'narrative turn' of theory. It is [...] indicative that the editors of a recent volume of conference papers on 'Objectivity and Science'... would choose to use 'stories' in titles where once they would have used 'theories': 'Stories about Science', 'Stories about Truth', 'Stories about Representation', even (what else) 'Stories about Stories'.

McHale sien die narratiewe element in hedendaagse teoretiese strominge as 'n reaksie op die verlies van die metafisiese gegrondheid of fondasies van teoretisering:

We are no longer confident that we can build intellectual structures upward from firm epistemological and ontological foundations. We suspect ... that, whilst there may well be somewhere a 'world' underlying all our disparate versions of it, that world is finally inaccessible, and all we have are the versions; but that [...] hardly matters, since it is only the versions that are of any use to us anyway, and that the putative world-before-all-versions is as Rorty ... says, 'well lost'.

Die gebruik van die storie of die narratief as deel van teoretisering kan uitgebrei word na die praktyk van geskiedskrywing in die sin dat die historiese narratief die verlede kan interpreteer soos dit 'sou kon wees' en so nuwe moontlikhede skep wat gebaseer is op die verlede maar nie direk gevind sal word in primêre of sekondêre geskiedenisbronne nie.

Oboe (1994: 17) stel hierdie moontlikheid soos volg:

As a narration which gives shape and meaning to past human experiences from a standpoint in the present, the historical novel is one of the possible ways of “making” history, of interpreting “the days that are no more” [...].

Vanuit hierdie perspektief sal daar in die hieropvolgende gedeelte geargumenteer word dat literatuur en die verbeelding juis 'n rol speel om uitdrukking te gee aan die verlede deur die verlede selfbewus subjektief te konstrueer. So gesien, dien letterkunde as alternatiewe medium van geskiedskrywing en dus ook as mede-tekst van die geskiedenis. Hieropvolgend sal fiksionele diskoers met historiografiese diskoers vergelyk word waarna 'n kort oorsig gegee word oor Suid-Afrikaanse geskiedskrywing oor slaafskap om aan te dui welke leemtes daar bestaan in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing oor slawerny wat suggestief deur literatuur “gevul” kan word.

2.3 Literatuur as mede-tekst binne die historiografiese proses

In die voorafgaande afdelings is reeds aangedui waarom geskiedskrywing nie 'n objektiewe representasie van 'n bepaalde historiese toedrag kan wees nie. Dit is eerder 'n poging om - gegewe die beperkinge van taal, bronne en subjektiewe interpretasie - die betrokke toedrag voor te stel of te representeer.

Teen dié agtergrond is dit gepas om aandag te gee aan hoe die term “representasie” in die literatuur gebruik word. Volgens De Lange (1992: 426) word hierdie term gebruik om die verhouding tussen die “werklikheid” en die literatuur aan te dui. Hy dui voorts die volgende

twee denkrigtings aan aangaande die term "representasie". Eerstens is daar die siening dat literatuur wel 'n representasie van die werklikheid is. Tweedens 'n opponerende siening waarin die moontlikheid van taal as medium om te kan representeer, bevraagteken word.

Volgens die eersgenoemde siening word "representasie" gesien as "die proses waardeur die werklikheid op esteties-suggestiewe wyse deur taal teenwoordig gestel word" (De Lange 1992: 426). Die opponerende siening van hierdie denkrigting word deur die poststrukuraliste soos Jacques Derrida en Jacques Lacan en die poststrukuralistiese literatuurteoretici soos Paul de Man, Harold Bloom en Geoffrey Hartman gehuldig. "Hierdie uitgangspunt ontken die moontlikheid dat taal die 'werklikheid' kan representeer. Hiervolgens is taal, en literatuur wat deur middel van taal ontstaan, 'n sisteem van tekens waarin die tekens na ander tekens verwys en waarin daar geen direkte referensie na die werklikheid is nie" (De Lange 1992: 426).

Myns insiens kan literatuur, vanuit die wesenwoord daarvan, nie die werklikheid direk of volledig weergee of representeer nie. Soos enige taaluiting is dit slegs pogings om vorm te gee aan die vervloeiende verweefdhede van die mens se subjektiewe ervaring van die werklikheid. Bowendien is literatuur slegs 'n seleksie van 'n subjektief-beleefde werklikheid. Hierdie soort subjektiwiteit word duidelik aan die hand van Gombrich (Hall 1979: 32) se beskrywing van menslike waarneming:

We can focus on *something* in our field of vision, but never on *everything* . [...] A heightened awareness of reality as such is something mystics may dream about, but cannot

realise. The number of stimuli that impinge upon us at every moment - if they were countable - would be astronomical. To see at all, we must isolate and select.

Maar die subjektiewe karakter van literatuur beteken nie dat literatuur nie ook 'n vorm van werklikheidskonstruering kan wees nie. Die rol van literatuur binne die voortdurende konstruering van 'n veelvoud van werklikhede kan beskryf word as dié van mede-tekste binne 'n voortdurend onvoltooide proses van werklikheidskonstruering en geskiedskrywing.

Degenaar (1981: 127) verwys in dié verband na die belangrikheid van *verbeelding* binne die kuns. Volgens hom is een van die sentrale aspekte van die verbeelding om strukture te ontdek en te skep wat nie voor die hand liggend is nie. Bulhof (1983: 4) se siening van die gebruik van verbeelding in geskiedskrywing sluit hierby aan. Sy definieer die gebruik van verbeelding as: "the introduction of elements not supported by the evidence".

Wat betref die rol van literatuur binne verbeeldingsgedrewe werklikheidskonstruering, sou Suid-Afrikaanse grensliteratuur as voorbeeld geneem kon word. In hierdie letterkunde word daar dikwels "stemme" verleen aan individuele soldate en word daar wegbeweeg van nasionalistiese beriggewing rondom die grensoorlog. Die ervaring van die enkeling word verbeeld deur die ontdekking en skepping van strukture waaraan daar nie aandag verleen is binne nasionalistiese beriggewing nie. Roos (Van Coller 1992: 155) verwys na die grensliteratuur as 'n "korrektief op die beriggewing deur die televisie-, radio- en koerantberigte".

Wat hieruit duidelik word, is dat literatuur deur verbeelding 'n historiese toedrag kan relatiewer juis deur dit in te klee met die fiktiewe 'stemme' van hulle wat nooit 'gehoor' is nie. Op die wyse kan literatuur dan 'n mede-tekst word en so 'n bydrae lewer tot historiese beeldvorming.

Een van die vrae wat gevra is rondom die metodologie van geskiedskrywing is: "[c]an a past which does not exist be described at all?" is hier van belang (vergelyk vorige verwysing na Bulhof – 1983: 8). Die wyse waarop slawe hulle slaafskap ervaar, kan gesien word as 'n verlede wat nie bestaan nie indien mens die woord "bestaan" verstaan binne 'n empiriese rekonstruktiewe metodologie van geskiedskrywing waar daar swaar gesteun word op gedokumenteerde gebeure en verslae. Literatuur en die verbeelding kan hier dien om die ongedokumenteerde gapings op 'n suggestiewe wyse te 'vul'.

Die wesensaard van die literatuur as kunsuiting is juis dat dit op die krag van die verbeelding steun soos Degenaar (1981: 127) dit aandui. Literatuur kan sodoende potensieel dien as verruimende en bevrydende agent binne die mens se verstaan van die wêreld in die algemeen en van 'n gegewe historiese toedrag in die besonder. Degenaar verwys na Camus se woorde as hy skryf: " [...] kuns [...] as opstand is die verwerping van alle vorme van slawerny. 'Every act of creation denies, by its mere existence, the world of master and slave' " (1981: 130).

Deur die skepping van 'n verbeeldingsgedrewe verhaal kan nuwe perspektiewe geskep word op die opgetekende verlede waarbinne verskeie groepe geen stem het nie, hetsy omdat hulle perspektief verswyg is of daar geen opgetekende weergawe van hulle perspektief bestaan nie.

So kan 'n verhaal wat slawerny uit die perspektief van 'n slaaf aanbied, 'n stem verleen aan slawe wat nie gevind kan word in primêre of sekondêre geskiedenisbronne nie. Die wêreld van meester en slaaf, soos dit in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing opgeteken staan, kan dus nuwe vorm en betekenis verkry deur die verlede, deur middel van die verbeelding, suggestiewe vorm te laat aanneem.

2.4 Fiksionele diskoers teenoor historiografiese diskoers

Uit die voorafgaande bespreking kan die gevolgtrekking gemaak word dat die sentrale verskil tussen geskiedskrywing en geskiedkundig-fiksionele tekste nie daarin lê dat eersgenoemde “feit” en laasgenoemde “fiksie” is nie, juis omdat geskiedskrywing nie gesien kan word as die ware weergawe van gebeure wat geïnskribeer is in die verlede nie. Anne Rigney (1989: 127) stel dit soos volg:

[...] even historians do not reproduce a message inscribed once and for all in the past, but *a posteriori* give form and meaning to the past through their choice of historical subject and selection of relevant facts, and through their subsequent representation and articulation of those facts in discourse.

Volgens Rigney kan die historiese roman sowel as “history proper” gesien word as diskursiewe representasies van 'n kollektiewe verlede. Rigney (1989: 130) verwys na Hayden White se stelling dat geskiedskrywing beskryf kan word as “die vertaling van feit na fiksie”. Die vraag ontstaan egter of die siening dat geskiedskrywing van 'n

gekonstrueerde aard is, alle verskille ophef tussen “fiksionele diskoers” en “historiografiese diskoers”.

Volgens Rigney (1989: 130) lê die verskil tussen hierdie twee diskoerse daarin dat daar in ’n historiese roman karakters en gebeure toegevoeg word wat nie ontleen is aan geskiedkundige dokumente nie. Die ooreenkoms tussen die twee diskoerse kan gevind word in die ontleding van geskiedkundige feite.

’n Belangrike verskil tussen geskiedskrywing en historiese fiksie, lê volgens Rigney (1989: 132) in die *historiografiese kontrak* ten opsigte van geskiedskrywing en die *suspension-of-disbelief* ten opsigte van fiksie.

Die historiografiese kontrak is ’n voortdurende kenmerk van geskiedskrywing wat daarop berus dat dit weergee wat werklik gebeur het op basis van ander brontekste. Die historiograaf is dus nie ’n outeur in die sin dat daar veronderstel word dat die gebeure (karakters, aksies, plek, volgorde) wat weergegee word, uitgedink is nie, maar dat dit iewers gevind is. Daar word dus veronderstel dat die geskiedskrywer sig ten doel stel om feite weer te gee en dit nie te vermeng met doelbewuste versinsels nie. Met doelbewuste versinsels word bedoel die gebruik van geskepte karakters, gebeure, plekke ensovoorts.

Die fiksieskrywer en per implikasie ook die skrywer van ’n historiese roman, skep ’n verbeelde werklikheid, terwyl die historiograaf sig ten doel stel om wel ’n objektiewe ware werklikheid daar te stel. Rigney (1989: 133) haal Manzoni in hierdie opsig soos volg aan: “History does not lack tall tales, even its lies. But these are the historian’s fault and are not endemic to the genre”.

In die geval van (historiese) fiksie word 'n "suspension-of-disbelief" verwag. M.a.w. die leser verwag nie dat alle gebeure of karakters werklik teruggevind kan word in geskiedkundige dokumente nie en die teks word gelees met die wete dat 'n geskepte of verbeeldingswêreld betree word. Rigney (1989: 134) definieer die diskoers van die historiese roman as volg:

[...] the discourse of the historical novel does refer to real, historical events (with or without the explicit support of sources); but that it represents those events in a narrative which combines a variable number of invented and factual evenemential elements, and does so according to a discursive contract that allows for such combination.

In die geval van 'n historiese roman is daar nie bloot 'n eenvoudige vermenging van feitlikheid en fiksionaliteit nie, maar die twee word verweef met mekaar. Die historiese romanskrywer sal ook soms minder bekende gebeure en/of karakters op die voorgrond plaas. *Die kremetartekspedisie* is 'n voorbeeld waar die ongedokumenteerde slaaf se ervaring van slaafskap op die voorgrond geplaas word terwyl die historiese feite vervaag word.

Die fiksionalisering van geskiedenis hou 'n verdere belangrike implikasie in, naamlik dat dit die vervreemding wat intree tussen die hede en geskiedkundige gebeure teëwerk, want selfs al sou dit moontlik wees om die verlede te beskryf "soos dit was", sou dit sinloos wees om dit te doen as gevolg van historiese veranderinge wat ons vervreem van die verlede. Volgens Hayden White (Bulhof 1983:4) moet historici ook hulle linguistiese bewustheid verhoog en ander literêre vorme beproef vir hulle narratiewe en sodoende geskiedenis

heranker in die literêre verbeelding: sodoende kan geskiedenis 'n plek gegee word binne die kontemporêre lewe.

Historiografiese en histories-fiksionele diskoers is dus nie twee mededingende diskoerse nie, maar is eerder aanvullend tot mekaar binne die breë proses van historiese representasie.

Vervolgens sal 'n kort oorsig gegee word oor Suid-Afrikaanse geskiedskrywing met slawerny as tema om sodoende 'n aanduiding te gee wat die breë temas is wat aandag geniet met betrekking tot slawerny, asook die heersende perspektief waaruit dit weergegee word om sodoende aan te dui wat die beperkinge van die historiografiese diskoers is.

Hierdie gedeelte is in hoofsaak op Heese (1992) se *Slawerny in Afrikaanse geskiedskrywing* gebaseer, maar ander bronne wat meer verteenwoordigend is van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing in die breë, word ook betrek.

2.5 Slawerny in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing¹

Volgens Heese (1992: 86) is slawerny as tema in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing 'n resente verskynsel. Worden (1996: 10) verwys ook daarna dat daar in baie min geskiedenisboeke wat voor 1980 gepubliseer is, meer as enkele paragrawe gewy word aan slawerny en in die boeke waar daar wel na slawerny verwys word, is dit uit die perspektief van slaaf-eienaars en Europese reisigers. Hy som die prentjie wat geskets is in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing soos volg op:

- * the experiences and views of slaves were not important.
- * Cape slavery was seen as much more humane than the brutal system practised on the plantations of South and North America at the same time.
- * slaves accepted their position in society and were on good terms with their owners.
- * all slaves came from south east Asia and not from Africa.

Cuthbertson (1992: 33) noem drie redes waarom die geringskatting van Kaapse slawerny binne Suid-Afrikaanse geskiedskrywing vir so lank geduur het. Eerstens omdat slawerny eers heelwat later prominensie binne die historiografiese revolusie (ongeveer 1969) verkry het. Afrikanis-historici² het in 'n groot mate die Afrika-samelewing verdedig teen enige kolonialistiese poging om dit te diskrediteer. Dit het daartoe gelei dat hulle 'n funksionalistiese, antropologiese aanslag gevolg het wat Afrika-inisiatief en die magtigheid van inheemse instellings beklemtoon het. Gevolglik is die

¹ Met Suid-Afrikaanse geskiedskrywing word enige geskiedskrywing oor Suid-Afrika, hetsy deur binnelandse en/of buitelandse historici bedoel.

² Afrikanis-historici verwys na geskiedskrywers wie se werk toegespits was op die geskiedenis van Afrika.

idee dat Europese slaaf-eienaars die gang van Afrika-geskiedenis bepaal het, teengestaan vanweë die Eurosentriese aard van hierdie idee. Dit het op sy beurt gelei tot die onderskatting van die rol van slawerny en 'n eng, streeksgebonde siening van die impak van slawehandel, eerder as om dit te sien as 'n kontinentale én transatlantiese ekonomiese stelsel.

Volgens Cuthbertson (1992: 33) was hierdie siening bepalend binne Suid-Afrikaanse geskiedskrywing tot en met L.J. Greenstein se aanval in 1973 op die idee dat Kaapse slawerny matig was in vergelyking met ander koloniale slaafstelsels.

'n Tweede rede wat Cuthbertson aanvoer vir die lae prominensie van Kaapse slawerny binne Suid-Afrikaanse geskiedskrywing is dat Afrikanis-radikale potensiële belangstelling in hierdie aspek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis verminder het deur klem te lê op Afrika-gemeenskappe en magsverhoudinge in die binneland. Daar is eerder gekonsentreer op handel en mynwese en die totstandkoming van die moderne Suid-Afrikaanse staat in die twintigste eeu.

'n Derde, praktiese rede wat Cuthberston (1991: 35) aanvoer, is die feit dat 'n studie oor slaafskap 'n in-diepte lees van argiefdokumente vereis. Hierdie dokumente is egter in Nederlands geskryf en min Suid-Afrikaanse historici is bereid om die veeleisende taak om hierdie dokumente te ontsyfer, aan te pak.

Vervolgens sal 'n kort oorsig gegee word oor enkele tekste wat verskyn het waarin slawerny aandag geniet om sodoende die breë temas binne hierdie geskiedskrywing aan te dui.

In 1877 het S.J. du Toit se *Die geskiedenis van ons land in die taal van ons volk* verskyn (Heese 1992:87). Hierin is egter bloot terloops verwys na die aanwesigheid van slawe in die Kaapse samelewing. In die laat-negentiende en vroeg-twintigste eeu is slawerny as onbelangrike verskynsel beskou. Volgens Heese was die enigste belangrikheid wat hierdie verskynsel vir vroeë geskiedskrywers gehad het, naamlik dat die afskaffing van die slawestelsel een van die redes vir die Groot Trek sou wees. Slawerny is dus gesien as randverskynsel binne vroeë geskiedskrywing wat bloot genoem is in gevalle waar dit die meesternarratief geraak het.

Slawerny binne die Suid-Afrikaanse konteks is egter ook binne Nederlandse en Engelse geskiedeniswerke as 'n "eenvoudige, ongekompliseerde onderwerp" beskou. Volgens Heese het hierdie werke dieselfde houding gereflekteer en kan hulle gesien word as verteenwoordigend van die kolonis-setlaarhouding. Heese (1992: 87) som die houding soos volg op:

- Slawe was nodig om swaar arbeid te verrig omdat die inheemse bevolking nie tot arbeid gedwing kon word nie. Daarom was slawe ingevoer.
- Daar was niks immoreels omtrent die stelsel van slawerny nie – slawe was met enkele uitsonderings na 'nergens zoo goed behandeld als aan de Kaap'. Ook: hulle is 'algemeen meer beschouwd als huisgenooten dan als slaven'.
- Die slawebesittende gemeenskap het mettertyd aanvaar dat slawerny afgeskaf sou word, maar was ontevrede met die wyse waarop dit geskied het aangesien hulle finansiële verliese gely het.

Hierdie simplistiese sienswyse asook die verontskuldigende trant is volgens Heese ook aanwesig by Engelse, Spaanse, Franse en Portugese historici. As voorbeeld van hierdie verontskuldigende trant haal Heese (1992: 87) P.L. Scholtz se bespreking van Cachet se geskiedskrywing soos volg aan:

Die skrywer [Cachet – my kursivering, MJ] wys verder daarop dat die slawe aan die Kaap 'n groot kapitaalbelegging was, en daarby 'n ekonomiese bate; derhalwe sou hulle goed behandel word. Ook is veel gedoen om die slawe te onderrig en te kersten, aangesien die ongelukkiges op die wyse eventueel hul vryheid kon verkry. So is byvoorbeeld tussen 1665 en 1731, 1212 slawe kinders en 46 volwassenes gedoop, aldus die skrywer.

Buiten die “verontskuldigende trant” (Heese 1992: 87), is dit ook opvallend dat die oorplasing van die eienaarsklas of meestersklas se waardes (soos die doop) op die slawe as positief gesien is. Hier word dus geen aandag gegee aan die ontneming van die slaweklas se gebruike en tradisies en die vervanging met ander nie. Verder is die perspektief waaruit geskryf word, duidelik dié van die meestersklas. 'n Verdere opvallende opmerking is dat 'n “ongelukkige” slaaf sy/haar vryheid slegs kon verkry deur gedoop (“kersten”) te word. Die oorgawe aan 'n ander se eise dien dus hier as voorbehoud vir die verkryging van ‘vryheid’.

Volgens Heese (1992: 87) sou slawerny en ander verbandhoudende onderwerpe eers in die twintigerjare groter prominensie verkry. Hy wys egter daarop dat dit nie 'n historikus was wat eerste die slawe

“onder die soeklig” geplaas het nie, maar ’n Belgiese taalkundige met ’n historiese belangstelling, naamlik J.L.M. Franken. Franken het as taalkundige uit ’n ander hoek na die Suid-Afrikaanse verlede – en dus ook slawe – gekyk as sy kontemporêre Afrikaner-historici. Laasgenoemde sou nog rustig voortgaan om die rol van die veeboer-pioniers, die kommandotogte teen inheemse groepe, die onrustige grensgebiede, die Groot Trek en die stryd teen die Britse imperialisme te ondersoek en te beskryf.

In Franken se artikel, “Die taal van die slawe-kindere en die fornikasie met slavinne” (1927) toon hy aan wat die lewensomstandighede van die slawe was en die noue interaksie of vermenging van slawe met die blankes aan die Kaap. Franken se werk staan volgens Heese (1992: 87) as mylpaal uit omdat slawe hier die uitgangspunt is en nie net ’n groep of verskynsel wat in die verbygaan vermeld is nie.

In sterk teenstelling met hierdie werk, staan S.F.N. Gie se *Geskiedenis van Suid-Afrika* (1924). Hierin skryf hy soos volg oor die slawe:

Hierdie algemene wegloper was nie die gevolg van enkele gevalle van hardhandige behandeling deur die base nie, maar wel van die natuurlike neiging van die slawe om hulle geboorteland in die noorde weer te bereik of om in die luilekkerlewe van die Hottentots te deel en met hulle gemene saak teen die blankes te maak. Dit was juis die lokwenke van die Kaapse naturelle, en veral van die vroulike element daarin, wat vir Titus of Adonis, ’n Adam of Salomo, ’n Januarie of Vrydag, die pad van vryheid laat kies het.

Hierdie aanhaling sluit aan by Mphahlele (sien p.45) se ervaring dat swart werkers nooit gesien is as persone met individuele identiteite nie maar slegs kollektiewe of groeppname gehad het soos: “‘boys’, ‘girls’, ‘Jims’, ‘Johns’, ‘Kaffirs’”. Die slawe se gedrag soos beskryf in hierdie aanhaling uit Gie se werk dui ook daarop dat elke optrede van ’n slaaf gesien is as bevestiging van ’n bestaande diskoers oor die optrede van bruin-/swartmense wat voortvloei uit sogenaamde inherente gedragskenmerke.

Vanaf 1930 het verskeie historici artikels in *Die Huisgenoot* gepubliseer waarin slawe en slawerny die fokuspunt was (Heese 1992: 89). Ook in kerklike tydskrifte het verskeie predikante geskryf oor die kersteningsrol wat die kerk by die slawegemeenskap gespeel het. In 1932 het die N.G. Kerk en die N.G. Sendingkerk besluit om die honderdjarige herdenking van die vrystelling van slawe (1 Desember 1834) amptelik te vier en Eric Stockenstrom is opdrag gegee om ’n gepaste geskiedeniswerk te skryf om die honderdjarige herdenking van die vrystelling van slawe in 1934 amptelik te vier.

Stockenstrom se werk was volgens Heese egter nie ’n indringende studie oor slawe nie. Hy het ook soos vorige geskiedskrywers die standpunt herhaal dat slawe aan die Kaap goed behandel is.

Geskiedenis van Suid-Afrika (D.W. Kruger, red.) en *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (C.F.J. Muller, red.) was twee algemene geskiedenisboeke wat in die sestigerjare verskyn het. Anna Böeseken het in beide werke die vroeë tydperk van slawerny behandel. In *Geskiedenis van Suid-Afrika* het sy die hoofstuk oor ‘Jan van Riebeeck en sy stigtingswerk, 1652-1662’ geskryf. Volgens Heese kon sy “uit die aard van die saak slegs sydelings na die invoer van die eerste slawe verwys” (1992: 93). Hierdie opmerking van Heese

beklemtoon die posisie wat slawe en slaafskap tot onlangs in geskiedskrywing ingeneem het. Slawerny is as bysaak (“sydelings”) bespreek in aanvulling tot die “groter”, meer sentrale Europees-Suid-Afrikaanse geskiedenis. Ook in die hoofstuk geskryf deur M.A.S. Grundlingh, ‘Vyftig jaar Britse Bestuur, 1806-1854’, behandel hy slawerny en die vrystelling van slawe in die bestek van 4 bladsye.

In *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* was Böeseke die outeur van drie hoofstukke wat handel oor die tydperk 1652-1771. Volgens Heese (1992: 94) verwys sy hier slegs kortliks na die slawe en hoe hulle deur wetgewing geraak is terwyl sy konsentreer op die goewerneurs, vryburgers, amptenare, jagters en veeboere.

In 1970 toon Boëseke die leemtes aan ten opsigte van navorsing oor groepverhoudinge en lewer ’n pleidooi vir intensiewe argivale navorsing oor onder andere die ontstaansgeskiedenis van die Kaapse gekleurde groepe en groepsverhoudings. Hierdie pleidooi word hierna gedeeltelik aangespreek met die publikasie van J.A. Heese se *Herkoms van die Afrikaner, 1657-1867*. Heese het ’n studie gedoen oor die Afrikaners en lyste gepubliseer waarin slawe as stamouers van Afrikaner-families gemeld word. Weer eens is dit interessant om daarop te let dat slawe ook hier die rol van figurante vervul teenoor die “groter” geskiedenis – in hierdie geval, “die herkoms van die Afrikaner”.

In 1975 verskyn H.B. Giliomee se verwerking van sy D.Phil-tesis met die titel *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind*. In hierdie werk is daar onder andere gekyk na die rol van slawe in die ekonomie. D.J. van Zyl het in 1978 ’n artikel gepubliseer oor ‘Die slaaf in die ekonomiese lewe van die westelike distrikte van die Kaapkolonie,

1795-1834'. Van Zyl beskryf hierin ook die sosiale en alledaagse lewe van slawe op plase (Heese 1992: 95).

Volgens Heese (1992: 96) het slawerny, slawe en vryswartes (bedoelende vrygestelde slawe) in die laat-sewentigerjare ook die aandag van kultuurhistorici getrek so byvoorbeeld is die Instituut vir Historiese Navorsing aan die Universiteit van Wes-Kaapland in 1976 gestig. Een van die fokuspunte van hierdie instituut was die sosiale en ekonomiese stand van die slawesamelewing in die 17de en 18de eeu. Verskeie artikels oor slawerny, of aspekte daarvan, is sedert 1979 in die vaktydskrif *Kronos* gepubliseer (sien Heese 1992: 96-97 vir titels en datums).

Volgens Cuthbertson (1992: 35) was daar in die tagtigerjare 'n nuwe belangstelling in die aard van Wes- en Suidwes-Kaapse samelewings en daar is ondersoek ingestel na die nalatenskap van slawerny in die hedendaagse Kaapse samelewing. 'n Voorbeeld hiervan is Pamela Scully se werk oor die oorblyfsels van die dop-stelsel waardeur plaaswerkers met wyn betaal is vir hulle arbeid - 'n stelsel wat steeds op sommige plase in Suidwes-Kaap gebruik word.

Nigel Worden het hom ook toegespits op 'n studie van slaafskap, spesifiek soos dit voorgekom het aan die Kaap. In 1982 voltooi hy sy proefskrif, *Rural slavery in the western districts of the Cape Colony during the eighteenth century*, en in 1985 publiseer hy *Slavery in Dutch South Africa* oor slawerny in die Stellenbosch-omgewing.

In 1983 verskyn Robert Ross se *Cape of Torments: Slavery and Resistance in South Africa* waarin hy deur middel van hofverslae en rekords van kriminele oortredings iets probeer weergee van die vroeë Kaapse slaafgemeenskap.

In 1986 voltooi Robert Shell sy proefskrif oor slawerny aan die Kaap de Goede Hoop gedurende die tydperk 1680 en 1731. Hierdie proefskrif handel oor die werkinge van die slaafgemeenskap, hoe die trans-oseaniese en plaaslike slawehandel die slaafgemeenskap en die ekonomie van die meestersklas geraak het en hoe dit op 'n dag-tot-dag-basis gewerk het (Shell, 1986: abstrak - geen bladsy-aanduiding).

'n Tweede uitgawe van Giliomee en Elphick se *Samelewing in wording 1652-1840* (in Engels vertaal as *The Shaping of South African Society 1652-1840*) verskyn in 1989 en 'n hoofstuk van 60 bladsye deur James Armstrong en Nigel Worden word aan die slawe gewy. In hierdie hoofstuk word 'The slave experience' as onderafdeling bespreek. Die skrywers stel dit duidelik dat dit uiters moeilik is om die slaaf se eie ervaring te rekonstrueer vanweë die gebrek aan dokumente wat deur slawe self geskryf is, maar probeer tog om iets weer te gee van die slaaf se eie ervaring deur afleidings te maak uit die beskikbare dokumente soos hofrekords en die rekords van slaaf-eienaars en reisigers.

Die opname van hierdie gedeelte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis dui ook op die veranderende siening oor die beduidende rol wat slawerny gespeel het in die vormingsproses van die Suid-Afrikaanse samelewing.

In 1991 verwerf A. Bank sy Meestersgraad met sy tesis getiteld *Slavery in Cape Town, 1806-1834* waarin hy onder andere ondersoek instel na die slawekultuur in Kaapstad gedurende die genoemde tydperk.

Ook Robert Shell wat in 1994 die boek *Children of bondage – a social history of the slave society at the Cape of Good Hope, 1652-1838* publiseer, sien nie slaafskap as 'n gemarginaliseerde deel van Suid-Afrika se geskiedenis nie, maar as 'n aspek wat 'n sentrale rol gespeel het in die vorming van Suid-Afrika: “[s]lavery, not the frontier and certainly not the process of industrialization, shaped South Africa” (1994: 395)

Heese (1992: 99-100) sluit sy bespreking van slawerny in die Afrikaanse geskiedskrywing af met die volgende:

Tussen Eric Stockenstrom se *Vrystelling van die Slawe* in 1934 en Giliomee en Elphick se *Samelewing in Wording* met sy hoofstuk, ‘Die Slawe’, het meer as 'n halwe eeu verloop. Hierdie tydperk word gekenmerk deur dramatiese verandering, botsende sienswyses en soms ingrypende hervertolkings, hersienings en herskrywings binne die Suid-Afrikaanse historiografie. Ten spyte van wat alreeds oor slawerny geskryf is, en die indruk wat geskep word dat alle aspekte van slawerny reeds gedek is, is hierdie belangrike onderwerp waarskynlik nog nie gereed om begrawe te word nie. Geskiedenis is tog immers ‘een discussie zonder einde [...]’.

Wat duidelik uit hierdie bespreking blyk, is dat slaafskap as Suid-Afrikaanse historiese gebeurtenis, nie 'n voltooide, volledige verhaal is nie. Tweedens kan daar uit hierdie kort bespreking gesien word dat slaafskap nie voor die laat sewentigerjare en tagtigerjare prominent bestudeer is as deel van die kanonieke geskiedenis nie, maar eerder gedien het as sub-teks of agtergrondteks vir ander gebeure. Buiten vir die feit dat slawerny vir baie jare as randverskynsel binne Suid-

Afrikaanse geskiedskrywing behandel is, is die afwesigheid van 'n weergawe van die slaaf se eie ervaring ooglopend.

Die onvoltooidheid van geskiedskrywing oor slaafskap lê dus in 'n groot mate by die gebrek aan die weergawe van die slaaf se eie ervaring. 'n Belangrike rede vir hierdie leemte is reeds in hierdie studie genoem, maar ek vat dit kortliks saam.

Alhoewel daar verskeie dokumente bestaan wat handel oor slawerny, is daar nie werklik sprake van gedokumenteerde weergawes van slawe se individuele ervarings nie. Die hoofbron van inligting is die enkele rekords van slaafeienaars en die weergawes van reisigers. Armstrong en Worden (1989: 143) maak egter die volgende belangrike punt ten opsigte van die problematiek van hierdie bronne:

Inevitably owners and visitors rarely penetrated far into the lives of slaves. Only occasionally did they record relevant snippets of conversation or events, and then with little empathy for the slaves' point of view .

Dit is juis hier waar literêre suggestie en (die) ver-beelding 'n belangrike rol speel soos reeds geargumenteer is. Dit is hier waar die literêre verbeelding moontlikhede van die slaaf se persoonlike ervaring kan verwoord en geskiedenis verbreed kan word deur moontlike voorstellings deur woorde te skep.

In die hieropvolgende gedeelte word enkele aspekte van slaafskap kortliks bespreek. Hierdie aspekte kan onmoontlik die diversiteit van die slaaf se ervaring saamvat. Dit is bloot enkele aspekte van slaafskap wat afgelei kan word uit historiese bronne oor slaafskap.

Hierdie aspekte hou voorts verband met aspekte wat in *Die kremetartekspedisie* aangetref word.

3. Enkele aspekte van slaafskap

Die filosoof Georg Friedrich Hegel het in sy dialektiek oor "Heerskappy en Knegskap" (More 1994: 7-10) die verhouding tussen Meester en Slaaf gesien as die prototipe van magswanverhoudinge. Sulke magswanverhoudinge word in die breë gekenmerk deur 'n situasie van sosiale ongelykheid waarin die Meester die mag het en 'n bevoorregte posisie beklee in vergelyking met die Slaaf. Sodanige mag en bevoorregting gaan dikwels gepaard met disrespek, onverskilligheid, diskriminasie, uitbuiting en vervolging wat vanaf die Meester na die Slaaf uitgaan. Hierdie opgedwingde ongelykheid vorm gereeld die basis van disrespek, geestelike en liggaamlike uitbuiting, en diskriminasie.

Dit is egter van belang om in gedagte te hou dat die term 'magswanverhouding' gekondisioneer is deur die Verligting wat die maglose verhouding as ideaal stel. In ander diskoerse en maatskappye (bv. Antieke Griekeland en Rome waar slaafskap die basis gevorm het van sosio-ekonomiese strukture – sien Patterson (1982: vii) vir verdere voorbeelde), is die Meester/Slaafverhouding as normaal gesien en nie as 'n wanverhouding nie.

Patterson (1982: vii) verduidelik die rol wat slaafskap gespeel het in die ideale en oortuiging van die Westerse tradisie soos volg:

Slavery is associated not only with the development of advanced economies, but also with the emergence of several of the most profoundly cherished ideals and beliefs in the Western tradition. The idea of freedom and the concept of property were both intimately bound up with the

rise of slavery, their very antithesis. The great innovators not only took slavery for granted, they insisted on its necessity to their way of life. [...] For Plato and Aristotle and the great Roman jurists were not wrong in recognizing the necessary correlation between their love of their own freedom and its denial to others. The joint rise of slavery and the cultivation of freedom was no accident. It was [...] a sociohistorical necessity.

Modern Western thinkers, especially since the Enlightenment, have found such views wrong, disturbing, and deeply embarrassing. The embarrassment was not confined to those who puzzled over the ancient world: it was to reach its zenith in the most democratic political constitution and social system ever achieved by a Western people - the experiment called the United States. Americans have never been able to explain how it came to pass that the most articulate defender of their freedoms, Thomas Jefferson, and the greatest hero of their revolution and history, George Washington, both were large-scale, largely unrepentant slaveholders. Slavery, for all who look to Enlightenment Europe and revolutionary America as the source of their most cherished political values, is not [a] peculiar institution but [an] embarrassing institution.¹

Deur slawe te ontnem van hul vryheid, word die meestersklas se eie vryheid dus bevestig. Die magswanverhouding binne die Meester/Slaafverhouding en die gebrek aan vryheid van die slawe impliseer verskeie verliese wat die slaaf ly wat kenmerkend is van dié

¹ In Patterson se *Slavery and Social Death* (1982) word die interafhanklikheid van vryheid en slaafskap sentraal gestel. Die gedeelte hierbo aangehaal, word deur Patterson gebruik om aan te dui dat die siening dat slaafskap nie strook met 'n demokratiese samelewing nie, gegrond is op die foutiewe aanname dat slaafskap die teenpool is van vryheid.

verhouding. In hierdie afdeling sal daar gelet word op enkele van dié kenmerke - kenmerke wat dikwels verswyg is in geskiedskrywing, om sodoende aan te dui in welke opsigte 'n novelle soos *Die kremetartekspedisie* dit wat verswyg is in die verlede, op die voorgrond skuif.

Een van die mees voor die hand liggende kenmerke van hierdie magswanverhouding lê in die feit dat een persoon deur 'n ander besit word. Die besit van 'n ander dui binne hierdie konteks eerstens op wetlike besit. Die slaaf word wettiglik gekoop en word die eiendom van die koper. Wat van belang is hier, is dat die individu nie eers 'n slaaf word sodra hy/sy verkoop of gekoop is nie, maar dat die stelsel waarbinne slaafskap genormaliseer is, reeds die persoon van sy/haar vryheid ontnem en tot slaaf maak – beide van 'n stelsel en van die eienaar. Dit gaan dus hier oor 'n konteks waarbinne daar geen keuse bestaan nie want die kinders van slawe word binne hierdie stelsel gebore en hul slaafskap is reeds met hul geboorte bevestig.

Die Meester/Slaafverhouding word dus gekenmerk deur 'n magswanverhouding wat ten eerste manifesteer in die slaaf se gebrek aan vryheid.

Die verlies van vryheid impliseer egter ook verskeie ander verliese waarvan die mees sentrale bestempel kan word as die verlies van 'n eie identiteit of 'n verlies van die self. Hierdie aspek is besonder prominent in *Die kremetartekspedisie* en sal verder in hierdie studie uitvoerig bespreek word.

Die verlies van die Self staan in direkte verband met die ontneming van vryheid binne die Meester/Slaafverhouding omdat die slaaf se eie

identiteit gedefinieer word binne die grense wat deur 'n ander en deur 'n stelsel aan hom of haar gestel word.

Volgens More (1994: 7) is die Meester/Slaaf-verhouding die mees opvallende aspek van die wyse waarop die sosiale lewe en die verhouding tussen swartmense en witmense in Suid-Afrika gestruktureer is. Vir hom word die wese van die Meester/Slaaf-verhouding, vanuit die perspektief van swart Suid-Afrikanners, uitgedruk in die woorde van die skrywer Es'kia Mphahlele:

I first came to know the White man at the point of a boot and then at the point of an index finger - as a servant of him... We know Whites as our employers and foremen or managers or supervisors, as our teachers when government permits them to teach in our schools. We also know them in domestic situations where our people work as 'maids' and 'nannies'... To white masters and madams, black servants do not have individual identities or personal names but collective or group identities such as 'boys', 'girls', 'Jims', 'Johns', 'Kaffirs' etc....

Mphahlele se sienswyse verwys uiteraard na 'n konteks waarin geformaliseerde slawerny en slaafskap alreeds 'verdwyn' het deur die formele afskaffing van slawehandel en slawebesit. Maar 'n opvallende ooreenkoms is die beskouing van die 'ondergeskikte' as 'n identiteitslose wese.

Die ondergeskiktheid van die slaaf binne die Meester/Slaafverhouding hou ten sterkste verband met die feit dat slawe besittings van die meestersklas was. Armstrong en Worden (1992: 150) stel dit as volg:

[Their – my invoeging, MJ] subordination was made evident by the fact that slaves were items of property over which masters had absolute possession and authority. Masters' rights were established by law; slaves, like material possessions, could be bought and sold, were described and evaluated alongside cattle and sheep in inventories and bequeathed in wills.

Die verlies van die Self is egter meer as bloot 'n beskouing van die slaaf as identiteitslose objek deur die besittersklas, maar dit spoel ook oor in die slaaf se ervaring van hom/haarself soos bespreek sal word in afdeling 4.

'n Verdere verlies wat hiermee verband hou, is die verlies aan taal. Die moedertaal kan beskou word as verbinding tussen 'n individu en sy of haar herkoms. In die geval van slawe wat van uiteenlopende lande na Suider-Afrika gekom het, was kommunikasie besonder moeilik en nuwe tale moes gevind word om te kommunikeer. Dit het egter daartoe gelei dat vele slawe se moedertale oftewel hulle talige band met hulle herkoms moes plek maak vir nuut aangeleerde tale. Worden en Armstrong (1992: 121) maak die punt dat die nuwe taal dikwels die taal van die meester was:

Asian slaves were drawn chiefly from Bangal, Malabar and Cormandel in India, from Ceylon and from Batavia and many of the outer islands of Indonesia, but especially from Macassar. These slaves formed a very heterogenous group, in which no single place of origin predominated. The ethnic diversity of the Cape slaves meant linguistic diversity as well [...] and consequently [the slaves] had difficulty in communicating among themselves and with their masters.

[Two lingua francas emerged – my invoeging, MJ] but it is clear that most masters and slaves conversed in an evolving form of Dutch which developed into Afrikaans. [...] Like the slaves who went to the American South, the slaves at the Cape appear to have learned quickly the language of their masters.

Die verlies van taal maak van die slaaf 'n stemlose, verbintenislose wese omdat die slaaf, as besitting van ander, ontnem word van 'n eie taal en 'n eie stem, maar ook van stemme van voorouers en die gemeenskappe van hulle oorsprong.

Slawe het egter nie slegs hulle gemeenskappe en families van oorsprong verloor nie, maar dit was ook besonder moeilik vir slawe om nuwe gemeenskappe en families te vorm. Slawe is nie toegelaat om te trou nie (Worden 1996: 60) omdat slawe apart gekoop en verkoop is en dit het dikwels gebeur dat kinders van slawe van hul ouers geskei is as hulle verkoop word. Die volgende is 'n uittreksel uit 'n brief wat 'n reisiger aan die Kaap aan 'n vriend in Engeland geskryf het in 1824 en gepubliseer is in die *New Monthly Magazine* (Worden 1996: 39):

Having learned that there was to be a sale of cattle, farm-stock, etc. by auction, at a veld-cornet's in the vicinity, we halted our waggon for the purpose of procuring fresh oxen. Among the stock of the farm was a female slave and her three children. The farmers examined them, as if they had been so many head of cattle. They were sold seperately, and to different purchasers. The tears, the anxiety, the anguish of the mother, while she met the gaze of the multitude, eyed the different countenances of the bidders, or cast a heart-rending look upon her children; and the

simplicity and touching sorrow of the poor young ones, while they clung to their distracted parent, wiping their eyes and half concealing their faces, contrasted with the marked insensibility and jocular countenances of the spectators, furnished a striking commentary on the miseries of slavery, and the debasing effects upon the hearts of its abettors. While the woman was in this distressed situation, she was asked: 'Can you feed sheep?' Her reply was so indistinct that it escaped me; but it was probably in the negative, for her purchaser rejoined, in a loud and harsh voice, 'Then I will teach you with the sjambok.' The mother and her three children were literally torn from each other.

Die slaaf se isolasie van sy/haar voor- en nageslagte kan beskou word as een van die mees sentrale kenmerke van slaafskap. Hierdie isolasie is nie net van toepassing op slawe wat 'n moederland en gesinne moes agterlaat nie, maar op elke slaaf binne die slawestelsel.

Ook hierdie verlies sluit aan by die verlies aan die Self want 'n slaaf kon nie 'n eie identiteit vorm binne 'n gesin of familie nie en het dus geen tasbare band met die verlede, hede of toekoms nie.

Opsommenderwys kan slaafskap beskryf word as 'n toestand waarbinne die slaaf se daaglikse bestaan en selfkonsep gedefinieer word deur die grense wat gestel word deur die stelsel en die besitter of meester.

In hierdie gedeelte is enkele aspekte van slaafskap uitgelig en in die hieropvolgende afdeling sal daar gekyk word hoe hierdie aspekte van slaafskap tot individuele verwoording gebring word deur die verbeelding om sodoende dit wat in wese onvoorstelbaar is, wel voor

te stel. Hier sal dus spesifiek gelet word op die wyse waarop *Die kremetartekspedisie* dien as aanvulling tot historiese beeldvorming.

Ten eerste sal daar gelet word op die representasie van slaafskap as “besitting-wees”. Hieronder sal die verliese wat die slavin lei, bespreek word. Tweedens word die representasie van die slavin se ervaring van haar Self as geannekseerde ondersoek.

4. Die representasie van slaafskap in *Die kremetartekspedisie*¹

4.1 Slaafskap as “besitting-wees”

Die funksionering van die Meester/Slaafrelasie berus, soos reeds genoem, ten eerste op die wanverhouding wat daar bestaan ten opsigte van mag. Die basis van hierdie wanverhouding lê myns insiens in die feit dat een persoon deur 'n ander besit word. Moses Finley (Shell 1994: 396) wat homself toegespits het op 'n studie van slaafskap in die Antieke Tyd, het hierdie kenmerk van slaafskap gesien as die onderskeidende kenmerk tussen slaafskap en enige ander vorm van dwangarbeid.

Die besit van 'n ander dui in die geval van slawerny ten eerste op wetlike besit. Die slaaf word wettiglik gekoop en word die eiendom van die koper. Wat van belang is hier, is dat die persoon nie eers 'n slaaf word sodra hy/sy verkoop of gekoop is nie, maar dat die stelsel waarbinne hy/sy potensieel gekoop of verkoop kan word, reeds die individu van sy/haar vryheid ontnem en tot slaaf maak - beide van 'n stelsel en van 'n ander individu.

Die feit van 'n ander se besitting wees, strek egter verder as bloot wetlike besit en eienaarskap. As besitting en eiendom van ander, word die individu in al sy/haar liggaamlikheid en geestelikheid oorgeneem. Die eienaar dring in tot op elke vlak van die slaaf se bestaan sodat elke deel van die private en publieke lewe opgeëis

¹ In hierdie afdeling verwys alle aanhalings uit *Die kremetartekspedisie* na die 1981 uitgawe. Slegs die bladsynommers word in die teks verskaf en nie die jaartal nie.

word. Hier vind 'n totale oornameword en annekswasie van die ander plaas. In *Die kremetartekspedisie* verwoord die verteller haar ervaring van "besitting wees" soos volg:

Jy en ons, haan, haan, jou gekraaiery en gemissery en ons geselsery en ons uitskeidings en afskeidings, ons babas, ons sierade van peulmahoniepitte en ons lyfdoeke, en die huis en die pakhuis vol mandjies speserye en die rotte daar, alles syne. Die kookgereedskap, die eetgerei, ons luise, die kakkerlakke, die miere in die barste van die mure en in die grond om die huis, alles syne. My arbeid syne. My slaap syne. My staan en gaan. My sweet. My hare. My voetsole. Die mier kan wegkruip. Die kakkerlak kan. Die rot kan. Ek nie. Ek weet nie waarheen nie. Jy en ek haan, ons is vasgekeer. (42)

Haar ervaring van besitting wees, hou ten nouste verband met haar gevoel dat haar beweging gereguleer word deur 'n ander. Dit is 'n verdere manifestasie van die magswanverhouding - naamlik dat die individu se bewegingsmoontlikhede deur 'n ander beheer word. In hierdie novelle verwoord sy dikwels haar ervaring van slaafskap en latere 'vryheid' deur metafore van beweging en stilstand. Wanneer sy haar gevoel van besitting-wees verwoord, verwys sy spesifiek na haar "staan en gaan" (42) wat deur haar eienaar beheer word. Dit impliseer dat haar oomblikke van stilstand wanneer sy aan 'n eienaar behoort, bepaal word deur die eienaar. So word haar beweging van een eienaar na 'n ander, gedwonge beweging. Die beweging wat daar wel is, geskied dus altyd binne 'n ruimte van ingeperktheid waaruit daar nie ontkom kan word nie. Die regulering van hierdie beweging is so absoluut dat sy, selfs as sy vryheid sou verwerf, nie self sou kon beweeg nie: "Ek weet nie waarheen nie." (42)

Gardner (1988: 144) maak die punt dat die besittersklas nie net aardse en stoflike dinge besit nie, maar ook mense binne die konteks van slawerny. In die finale instansie bestaan daar egter vir die besittersklas geen verskil tussen aardse en stoflike dinge en mense nie. As die slavin die krale optel, weet sy dat dit eens in ruil gegee is vir iets anders net soos sy in ruil gegee is vir iets anders:

Eenmaal was hulle in ontvangs geneem in ruil vir iets soos ek ook in ontvangs geneem was in ruil vir iets. Ek het natuurlik nie 'n benul wat my waarde moes gewees het nie of wat dit ooit was nie. Een hoefyster. Ontelbare hoefysters. (11)

Hierdie redusering van die slawe tot gebruiksgoedere, hou ten nouste verband met die slawe se bestaan as entiteit en die verlies van individuele identiteit. Patterson (1982: 7) bring die slaaf se bestaan as 'n gebruiksvoorwerp van die Meester in verband met die isolering van die slaaf by geboorte. Patterson gebruik die term "natal alienation" as volg:

I prefer the term 'natal alienation', because it goes directly to the heart of what is critical in the slave's forced alienation, the loss of ties of birth in both ascending and descending generations. It also has the important nuance of a loss of native status, of deracination. It was this alienation of the slave from all formal, legally enforceable ties of "blood", and from any attachment to groups or localities other than those chosen for him by the master, that gave the relation of slavery its peculiar value to the master. The slave was the ultimate human tool, as

imprintable and as disposable as the master wished. And this is true, at least in theory, of all slaves, no matter how elevated.

Vervolgens sal daar bespreek word in watter opsigte daar besit geneem word van die individu en hoe dit lei tot die verwringing van identiteit tot entiteit. Telkens sal daar ook gelet word op pogings om te kompenseer vir die verliese wat gely word.

4.1.1 Inbreuk op seksuele liggaamlikheid

Die ruimte van ingeperktheid word, soos reeds genoem, gekenmerk deur verlies. Een van die verliese wat die slavin ten diepste raak, is die verlies van haar kinders. Haar verlies is ook nou verbonde aan die inbreuk wat gemaak word op seksuele liggaamlikheid.

Die slavin funksioneer as seksuele objek of entiteit vir die eenaar waarby die persoonlike identiteit geen rol speel nie. Die funksie wat die slavinne moet verrig as seksuele objekte word in die verteller se beskrywing van hulle seksuele omgang met die eenaar geïmpliseer: "Snags is dit bene oop vir die eenaar op sy beswete karos" (21). Hierdeur word die slavin gereduseer tot seksuele ruimte wat deur die man gepenetreer word. Die slavin se seksualiteit word 'n oop ruimte waardeur die manlike eenaar vrylik beweeg:

Hy koop die jongstetjies op die mark. Hy breek hulle soos 'n mens jong peule breek. [...] Hy koop die jongstetjies. Hy breek die sagte vlies soos 'n waterblasie. Jy is die oopgespalkte uit wie daar bloed vloei. Jy snak na asem van pyn en van wat seker ekstase is. (38-39)

Om blote seksuele entiteit te word, gaan, soos reeds genoem, gepaard met 'n verlies van individuele identiteit. Dit impliseer vervolgens dat die slavinne tot een ononderskeibare seksuele ruimte gemaak word, waarbinne die uitruilbaarheid van die vroue vooropstaan: "Ons is almal een vrou, uitruikbaar, verruikbaar." (22).

Daar word ook verwys na die manlike slawe en die verskille tussen hulle en die vroulike slawe vanuit die perspektief van die verteller. Sy verwys na die gekastreerde manslawe as die "ontmandes". Deur kastrasie word hulle in 'n mate ontnem van hulle gender-identiteit. Omdat hulle nie kan voortplant nie, word hulle ook ontnem van 'n eie plek in 'n breër geskiedenis as bloot die individuele lewe, omdat hulle ontnem word van 'n nageslag. Soos die slavinne, word hulle ingeperk tot 'n ruimte van stasiteit en vasgevang in die hier en nou van hulle bestaan.

Daar is egter by die manslawe 'n groter mate van vryheid as by die vroue. Omdat die vroue nie "ont-vrou" is nie en steeds iets van hulle "vrouheid" behou, is hulle meer vasgevang en besit hulle minder vryheid as die manslawe.

In hierdie opsig verskil ek van Gardner wat van mening is dat die vroulike slawe "net so goed geslagloos [kon wees]" (1988:156). As die slavin dink aan hulle gedwonge seksuele omgang met die eienaar, verwoord sy dit soos volg: "Ek beny slawe wat van *die* soort diens vrygeskeld word. Dit bring tog 'n soort vryheid mee om ontman te wees [...]." (21).

Die manslawe se relatiewe vryheid word ook gesuggereer ten opsigte van die vroue se pogings om te dros:

Eenkeer het een probeer wegloop. Sy is gevang en haar voete is afgekap. Weer 'n keer het een probeer. Sy het weggekome. Die ontmandes dros gereeld. (22)

'n Voortvloeiende van die inbreuk wat op die vroulike slawe se seksualiteit gemaak word, is die gebrek aan keuse ten opsigte van die geboorte van hulle kinders. Hulle word slegs tydelik as minnaars geneem maar nie toegelaat om die rol van moeder aan te neem nie. In die hieropvolgende afdeling sal hierop uitgebrei word.

4.1.2 Verlies van kinders

As die slavin-verteller die eerste keer swanger word, word sy toegelaat om geboorte te skenk voordat sy verkoop word. Daarna word sy apart van haar kind verkoop:

'n Tweede keer word ek verkwansel op die plein by die see waar die kasteroliebome toe al toingrig gestaan het. Word ek tweedehands verkoop. Ek was 'n verinnuweerde speelding, my bondeltjie baba en ek apart voor gebie en afsonderlik verhandel. Tog maar speelgoed. (40)

Die verlies van die kind, word 'n verlies van 'n gedeelte van haarself en die verlies van 'n potensiële identiteit van moeder wat sy sou kon aanneem. Gedurende haar swangerskap ervaar sy die fetus as 'n ekstensie van haar: "Ek dra myself. Ek dra myself" (39). Die verlies wat sy in haar rondra, is sluimerend omdat geen opstand teen die verlies heling sal bring nie. Soos elke deel van haar bestaan aan haar eienaar behoort, so behoort ook haar kinders aan haar eienaar. As sy

eendag 'n sterwende hamerkophaai vind, transponeer sy haar verlies van haar kind op die haai:

Soos 'n baba wat op sy maag gelê is en wat sy ruggraat krom en hom probeer orent krul, so het die hamerkophaai geworstel.

Haastig, siende blind, gaan ek na die dooie toe en stoot hom met my hande toe onder die sand en op my knieë sit ek voor die graffie en huil en hou nie op nie. Dit bring geen verlossing nie. Ek hou nie op nie. (34)

Die sin "Ek hou nie op nie", kan meersinnig geïnterpreteer word. Enersyds beteken dit dat daar nie 'n einde is aan die verlies wat sy ervaar nie. Andersyds beteken dit dat sy haarself, vanweë die verlies van haar kind nie as 'n geheel beskou nie. Daar is dus nie 'n punt waar sy haarself as afgeronde geheel ervaar nie; haar wese hou nie iewers op nie. Haar borste is altyd druppelend om 'n kind te voed: "[...] my druppelende borste gee [ek – my invoeging, MJ] vir suigeling op suigeling op suigeling" (22). Die ervaring dat daar geen sluiting kan kom aan die vroulike self nadat haar kind van haar weggeneem is nie, word ook soos volg geformuleer: "[...] ons kinders van ons weggeneem en verkoop terwyl hulle nog kleuters is en ons liggame nog na hulle honger [...]" (22). Die verlies van die kind is ook 'n verlies aan die individuele identiteit of Self: "Maar wat is ek as ek nie meer my kind is nie?" (41).

Daar is by die slavinne verskeie pogings om te 'kompenseer' vir hulle verlies aan kinders. In die opgelegde eenheid wat die vroue vorm, neem hulle ook mekaar se posisie in as vertroosting vir mekaar en vir mekaar se kinders. So herskep hulle die eenheid waarin hulle gedwing is tot 'n eenheid van wederkerige kompensasie:

Piepmuisies in 'n groot gedruis is ons, die onderdaniges in die bestel en oënskynlik gedwee, ons kinders van ons weggeneem en verkoop terwyl hulle nog kleuters is en ons liggame nog na hulle honger, ons verlede 'n verlede van erbarmlose mishandeling of die sarkasme van geskenke, ons hede vooruitsigloos. Ons is almal een vrou, uitruilbaar, verruilbaar. So troos ons mekaar en mekaar se kinders, so deel ons, so soek ons luise op mekaar se koppe en dra ons mekaar se klere en sing ons saam, skinder ons saam, kla ons saam. (22)

Die verteller sluit 'n alliansie met 'n ander slavin en neem die rol van moeder in teenoor die ander se kinders en skep hierdeur 'n ruimte waarin haar rol van moeder (tydelik) bevredig kan word:

Ons kindertjies is spekvat en gedy in die armoede en ons maak geen onderskeid tussen mekaar s'n nie. Sy abba myne en ek hare. Sy soog myne, ek hare. Ek is vroedvrou vir haar, sy vir my. Kind is kind vir ons. 'n Warm lyfie in ons arms, 'n kwylende bekkie wat tepel soek, die een se vet klein skof ewe mooi as die ander s'n, die een se tandekry ewe lastig as die ander s'n. [...] So 'n warm gemeenskap, ons en die kleintjies. Wanneer dit my beurt is om te kook, knyp ek van die kokoswater af en bring dit skelmpies vir hulle, en sy weer neem hulle saam wasklippe toe by die rivier waar hulle lekker kan mors. So 'n bevredigende, liewe volheid wat vir so baie dinge in ons afgeskeeptheid vergoed. (37-38)

Enersyds vergoed die kinders van ander vir die verlies aan eie kinders, maar terselfdertyd word elkeen van hierdie kinders ook 'n entiteit. Elkeen word bloot 'n plaasvervangende kind vir die moeder. Soos die slavinne 'n ononderskeibare eenheid vorm, so vorm die kinders 'n eenheid waar die individuele identiteit van elke kind geen rol speel nie maar slegs funksioneer as plaasvervangende "kind".

Die geskepte ruimte van "warm gemeensaamheid" kom tot stand deur dit wat Pollock (1994: 63-89) beskryf as 'n "vrou-tot-vrou-alliansie". Deur 'n alliansie met 'n ander vrou te sluit, word daar gepoog om binne 'n patriargale bestel 'n soort matrilineale verwantskap daar te stel waarbinne die vrou kan probeer om te kompenseer vir haar verlies binne die bestel. Dit is egter bloot 'n *soort* matrilineale verwantskap omdat daar geen voortgesette lyn van nageslagte kan ontstaan nie. Die "warm gemeensaamheid" kan eerder gesien word as 'n tydelike oomblik van stilstand binne gedwonge beweeglikheid. Hierdie ruimte kan slegs voortbestaan totdat daar weer van eienaar verwissel moet word.

Onderliggend aan hierdie stilstand is dus potensiële beweging. Dit veroorsaak dat daar nooit 'n algehele hegting aan die eie of ander se kind kan wees nie omdat die posisie van stilstand op enige oomblik gedestabiliseer kan word. Ook die geskepte ruimtes van gemeenskaplike besitting behoort in die finale instansie aan die eienaar omdat hy oor die mag beskik om die ruimte te verbreek.

As die verteller swanger is met haar derde kind, besluit sy om 'n aborsie te ondergaan. Hierdeur beskik sy self oor die 'eiendom' van die eienaar en ondermyn sy sy eienaarskap oor haar en haar kinders. Hierdie ondermyning gaan egter ook met verlies gepaard. Enersyds omdat sy weer 'n kind verloor, maar ook omdat daar afstand ontstaan

tussen die slavin en haar vriendin. Deur 'n aborsie te ondergaan, 'verraai' sy die gemeenskap wat tussen hulle ontstaan het deur die wedersydse moederskap van hulle kinders. As haar vriendin haar verwyt en aansê om te loop, is haar spottende antwoord: "Ja, [...] die wêreld strek tot waar die oog van die baas kan sien." (42). Daar word 'n implisiete band gelê tussen haar keuse om 'n aborsie te ondergaan en haar 'keuseloosheid' vanweë haar ingeperktheid.

As sy in die huis kom van 'n nuwe eienaar, haar "weldoener", soos sy hom noem, besit sy meer vryheid as wat sy voorheen geken het. Hierdie vryheid word egter aan haar toegeken binne 'n ruimte van inperking. Haar vryheid is gekoppel aan die hoeveelheid vryheid wat die eienaar aan haar toelaat. Die vryheid wat sy besit, lei dus nie tot vrye beweeglikheid nie, maar bestaan bloot by grasie van die eienaar. In hierdie opsig is die "naam" wat sy aan hom gee, naamlik "weldoener", van belang. Dit impliseer dat enige status wat sy ontvang, deur sy toedoen is en dat hy daarvoor beskik.

In haar "weldoener" se huis is dit een van haar pligte om sy kleinkinders te vermaak as hulle ouers op besoek is. As 'n verdere poging om te "kompenseer" vir die verlies aan kinders, heg die slavin haar ook aan die kleinkinders van hierdie eienaar (54-55). Sy ervaar egter groot ongemak as hy die moederlikheid sien waarmee sy na die kinders omsien:

Ek voel ongemaklik wanneer my weldoener my daarby betrap. Sy glimlag. Dit rym alles nie met die ek wat ek vir hom probeer wees nie, en dis sowaar nie goed vir my selfvertroue in die slaapvertrek nie. Ek hou summier op met speel en wag kop onderstebo dat hy moet weggaan.

(55)

Daar is 'n duidelike diskrepansie tussen haar (onvervulde) identiteit as moeder en die identiteit wat sy aanneem binne die slavin/eienaarverhouding as minnares. Haar rol as minnares is beperk tot die seksuele en vloei nie voort in 'n rol van die moeder van sy kinders nie of as sy gelykwaardige verhoudingsmaat nie. Haar verwagtinge van hulle relasie kan dus net beperk wees tot sy verwagtinge van haar. Sy glimlag sou geïnterpreteer kon word as 'n gevoel van geamuseerdheid omdat sy vir haarself die rol van moeder toeëien. Ook hier is die hegting aan 'n ander se kinders bloot 'n vorm van tydelike besit vanweë die onstabieliteit van die situasie waarin sy verkeer.

As die verteller haarself probeer indink in 'n bestaan waar sy nie 'n besitting is nie, dink sy ook aan die andersoortige rol wat sy as moeder en grootmoeder sou speel. Deurdat sy weggeneem is van haar moeder en deurdat sy telkens afstand moet doen van haar kinders, kan daar ook nie deur 'n geslagslyn 'n skakel ontstaan met die verlede en toekoms nie:

Sou ek 'n eggenoot gehad het en kinders net by hom?
Kinders vir wie ek grootmaak totdat hulle op eie bene kan staan? Skielik dink ek: ek sou ouma kon gewees het. Kleinkinders wat om my speel op 'n werf vol mak tarentale. Skielik besef ek: hier in dié stad word ek nooit ouma nie. Hier funksioneer ek as moeder totdat my kinders tot by my heup reik, dan verloor ek alle seggenskap oor hulle. Hulle verdwyn uit my lewe. *Vir my is daar geen voortsetting, geen skakels terug of vorentoe nie.* (eie kursivering - MJ)
Daar is koms en einde, 'n finaliteit asof die duisternis staan gemaak is. (53-54)

As vroulike slaaf word sy geobjektiveer en word haar seksuele en moederlike identiteit geannekseer en beperk tot die rol wat deur haar eienaar en deur die beperkende slawestelsel aan haar opgelê word.

4.1.3 Genealogiese isolasie

Soos die slavin se kinders van haar verwyder is, so is die slavin-verteller verwyder van haar moeder toe sy nog klein was. Die verwydering van haar moeder, lei ook tot die verlies van 'n matrilineale band met die verlede. Hierdie herhaaldelike verwydering tussen moeder en kind kan gesien word as 'n matrilineale tradisie van verlies. Die enigste matrilineale lyn wat gevorm word, word in terme van verlies gevorm. Haar moeder word bloot 'n vae herinnering, ontnem van 'n persoonlike identiteit en word slegs onthou as: "Warmte en sagtheid, 'n slankheid, lang borste met stewige tepels." (97-98).

Volgens Patterson (1982: 5) is die slaaf se isolasie van sy of haar voor- en nageslagte een van die konstituerende elemente van slaafskap. Hy stel dit soos volg:

Not only was the slave denied all claims on, and obligations to, his parents and living blood relations but, by extension, all such claims and obligations on his more remote ancestors and on his descendants. He was truly a genealogical isolate. Formally isolated in his social relations with those who lived, he also was culturally isolated from the social heritage of his ancestors. He had a past, to be sure. But a past is not a heritage. Everything has a history, including sticks and stones. Slaves differed

from other human beings in that they were not allowed freely to integrate the experience of their ancestors into their lives, to inform their social reality with the inherited meanings of their natural forebears, or to anchor the living present in any conscious community of memory. That they reached back for the past, as they reached out for the related living, there can be no doubt. Unlike other persons, doing so meant struggling with and penetrating the iron curtain of the master, his community, his laws, his policemen or patrollers, and his heritage.

Hierdie genealogiese isolasie het dus verdere implikasies as bloot 'n band met die verlede en die toekoms. Daar is ook 'n gepaardgaande verlies van 'n sosiale realiteit in die hede wat 'n integrasie sou kon wees tussen die gemeenskap van die slaaf en die gemeenskap van die eienaar.

4.1.4 Verlies van taal

As die slavin uit haar geboortestat geneem word, verloor sy 'n taal waarvan sy later net die klanke kan onthou. Die taal wat die vroue praat wat haar 'oplei' om slavin te wees, word deur haar ervaar as iets buite haar wat haar nooit aanraak nie: "hulle praat 'n taal wat soos 'n waterval ruisend om my afstroom, dit val en val uit hulle monde" (12). Sy kan nie die taal wat hulle praat, koppel aan enige betekenis nie en hulle woorde spreek ook nie tot haar nie. Sy ervaar haarself gevolglik ook nie as identiteit tot wie daar gesprek word nie. Omdat sy haarself nie ervaar as aangesproekte nie, kan sy nie vir haarself 'n subjekposisie konstrueer nie. Wat ten nouste hiermee saamhang, is haar problematiese definiëring van die Self as subjek. Volgens Bruner

(1990: 101) is die individu se definiëring van die Self afhanklik van 'n dialogiese relasie met ander. Hy stel dit as volg:

Is not Self a transactional relationship between a speaker and an Other, indeed, a Generalized Other? Is it not a way of framing one's consciousness, one's position, one's identity, one's commitment with respect to another? Self, in this dispensation, becomes 'dialogue dependent', designed as much for the recipient of our discourse as for intrapsychic purposes.

Haar onvermoë om haar Self as subjek te konstrueer, het te make daarmee dat self-as-subjek-konstruering net in 'n dialogiese relasie kan geskied. Sonder hierdie dialogiese relasie ervaar sy die Self as 'n stemlose objek.

Stemloosheid en stilte is elemente wat nou verbonde is aan slaafskap. Wanneer die slavin terugdink aan hoe sy as klein dogtertjie deur slawejagters gevang is, is die vergeefsheid van haar stem en haar woorde duidelik in haar geheue: "Dit is 'n vergeefse angsgeskreeu. Dit is 'n klein opskudding in die wye woud. Dit trek nie meer aandag as die lawaai van 'n trop ape nie" (38). As die slavin vertel van die koms van 'n nuwe besending slawe, sê sy: "Dié wat oorgebly het, lê nou swyend op die grond". Ook as sy dink aan die gôraspeler se spel nadat sy apart verkoop is van haar kind, beskryf sy hoe die klanke verdwyn:

Tik die enkelsnaar, 'n afloop van peinsende klanke geleidelik al met die snaar af, 'n aaneenlopende aftik van klanke wat elk dadelik grond toe val en versand en in die sand bly lê om nooit te ontkiem nie. Af en af gly die klanke

diep in die sand in. Dieper as wat penwortels ooit gaan.

(41)

Mens sou hier die stemlose, verbintenislose bestaan van die slawe kon vergelyk met die enkelsnaar in hierdie aanhaling. As besittings van ander word die slawe ontnem van hulle eie taal en hulle eie stemme, maar ook die stemme van hulle voorouers en gemeenskappe, sodat hulle 'n geruislose bestaan voer as geobjektiveerde wesens wat wegsink in die gang van die geskiedenis.

Die ander slawe praat elk ook 'n eie taal, met die gevolg dat hulle moet kommunikeer deur die taal van die besittersklas. Die taal waardeur hulle ervaringswêreld verwoord word, is verwyderd van die taal waardeur hulle die ervarings van die verlede verwoord het. Sodoende word die slawe 'geskei' van 'n verlede omdat hulle nuwe taal bloot die ervaring van die hier en nou weergee. Hede en verlede word dus nie as kontinue verloop ervaar nie en die slawe word ingeperk tot hulle bestaan as slawe in 'n vreemde ruimte met 'n vreemde taal as kommunikasiemiddel.

Haar verlies van taal neem 'n nuwe dimensie aan as sy in relatiewe vryheid, afgesonderd in die veld leef. Taal as kommunikasiemiddel bestaan dan nie meer nie. Roodt (*Hoofstad* : 23 November 1981) noem taal se funksie hier 'n "middel waardeur die mens sy wêreld orden en geestelik besit". Vanweë die afwesigheid van gespreksgenote word taal die middel waardeur betekenis opgelê word aan die omringende omgewing (Venter, *Die Volksblad* : 13 Oktober 1981). Ook Venter is van mening dat die natuur hierdeur "geestelike besit" word. Myns insiens funksioneer taal hier wel as ordeningsmiddel, maar ek verskil van Roodt en Venter se uitsprake dat die slavin sodoende haar wêreld geestelik besit. Dit kan by haar

slegs 'n poging tot besit wees omdat sy nooit eenheid kan bewerkstellig tussen haar gefragmenteerde werklikheidsbelewenis en haar gefragmenteerde Self nie. Die enigste stadium wanneer daar by haar 'n gevoel van eenheid is tussen alle fragmente van haar bestaan, is in die oomblik van nie-wees (soos bespreek word onder die slavin se belewenis van die Self). Olivier (*Rapport* : 24 Januarie 1982) stel dit dat die slavin, ten spyte van haar "hartstogtelike en skerpsinnige analyses", nie haar grense kan deurbreek nie en dat haar eie vakuum gevul word met haar eie woorde. Deur haar eie verhaal te vertel, probeer sy om haarself as subjek te konstrueer.

In Blumberg se bespreking van Athol Fugard se *Boesman and Lena* word Lena se behoefte om voortdurend in gesprek te wees, of sy aangehoor word of nie, soos volg geformuleer: "Lena's survival mechanism stems from a utilization of language to question and confront her existence: 'I verbalize therefore I am'" (1991: 239). Hierdie stelling kan ook op die slavin in *Die kremetartekspedisie* van toepassing gemaak word. Sy verbaliseer voortdurend, onafhanklik of sy aangehoor word al dan nie in 'n poging om sin te maak uit haar gefragmenteerde bestaan.

4.2. Die slavin se ervaring van haar Self as geannekseerde

Volgens Patterson (Shell 1994: 396) is die dominerende van die slaaf se persoonlikheid deur die meester die sentrale kenmerk van slaafskap. In hierdie afdeling word hierdie dominerende of anneksasie van die slaaf se "persoonlikheid" bespreek.

In *Die kremetartekspedisie* word die slavin se Self telkens gedefinieer binne die grense wat 'n ander vir haar gestel het. Hierdie grense word gevorm deur haar slaafskap waarbinne sy gereduseer word tot entiteit.

Vervolgens sal daar nagegaan word hoe die slavin se Self deur ander gedefinieer word en hoe dit lei tot 'n situasie waarbinne sy slegs iemand kan wees in die teenwoordigheid van 'n ander.

Voorts sal daar gelet word op 'n alternatiewe ervaring van die Self waarbinne die slavin 'n mate van versoening vind. Hierdie alternatiewe ervaring van die self word bespreek aan die hand van twee deurlopende metafore wat in hierdie novelle voorkom, naamlik dié van “water” en “die kremetartboom”. Deur hierdie metafore binne die konteks van slaafskap te ontleed word, daar aangedui op welke wyse die slaaf se eie ervaring gerepresenteer word, met ander woorde: wat 'n slavin se moontlike ervaring van haar slaafskap kon wees.

4.2.1 Die definiëring van die Self deur ander

In *Die kremetartekspedisie* hou selfdefiniëring ten sterkste verband met die identiteit wat aan haar gegee word binne die Meester/Slaaf-verhouding. Sy is in die eerste en finale instansie die besitting van 'n ander en haar ervaring van wie sy is, word telkens gekleur deur die identiteit wat deur ander aan haar opgelê is.

Sy is byvoorbeeld deur die vrouens wat haar onderrig het in slaafskap, geleer om iemand ('n slaaf) te wees vir iemand anders en meer spesifiek om 'n minnares te wees:

Julle lesse het ek nooit vergeet nie en nou nog sou ek wulps kon lag wanneer dit moet en nou nog sou ek my soos 'n kat lenig kon aanvly of loswriemel, en my intensiteit temper of versterk na gelang van die situasie [...]. (13)

As sy terugdink aan die vreemdeling - die persoon saam met wie sy die grootste fisiese beweeglikheid ervaar het - weet sy dat sy ook by hom net 'n identiteit gehad het by grasia van sy teenwoordigheid: "Ek is net iemand saam met iemand anders" (42). Hierdie ervaring van die slavin is 'n tweede belangrike aspek van haar ervaring van haar geannekseerde identiteit.

Wanneer sy alleen agterbly in die veld, word sy in 'n groot mate gekonfronteer met die problematiese definiëring van haar Self by die gebrek aan 'n ander se teenwoordigheid.

Volgens Bruner (1990: 101) is 'n ander noodsaaklik vir die individu se vorming van die Self. Die vorming van die Self kan gesien word as 'n voortdurende proses waarin individue in interaksie staan met mekaar. Hierdie interaksie word deur Bruner beskryf as 'n "transactional relationship" wat noodsaaklik is vir die individu se intraspigiese prosesse. Die Self is dus nie 'n selfgenoegsame, outonome en onderskeibare geheel nie, maar 'n gefragmenteerde, voortdurend-vloeiende wordingsproses.

Hier moet egter 'n belangrike onderskeid getref word tussen die noodsaaklike rol van die ander in die wordingsproses van die Self en die ervaring dat die Self slegs bestaanswaarde het by grasia van ander. Dit is van belang dat albei hierdie aspekte 'n rol speel in die slavin se ervaring van die Self. Die rol wat ander speel in haar werklikheid, kan gesien word as plekke of oomblikke van hegting by

grasie waarvan sy identiteit aanneem vir haarself. Die rolle wat ander aan haar oplê is dus nie van 'n transaksionele aard nie.

Die slavin verwoord haar ervaring van haar problematiese verhouding met die Self te midde van ander se afwesigheid soos volg: "Nie al nie is ek. Nee. As daar nog mense hier is. Nie al nie." (12). Die woorde "[n]ie al nie is ek" impliseer dat sy nie bloot 'n fisiese entiteit is as daar ander is om mee in relasie te staan nie. Hierdie woorde is egter nie bloot 'n seker stelling nie, maar suggereer vanweë die onsekere toon daarvan dat ook die teenwoordigheid van ander nie die versekering dra dat haar gevoel van Self-loosheid daardeur opgehef sal word nie. Hier waar sy vir die eerste keer fisiese vryheid ervaar, kan sy haar nie losmaak van haar slaafskap nie omdat die anneksasie op haar identiteit in so mate geïnternaliseer is dat 'n nuwe konteks ook nie daarmee saam 'n nuwe definiëring van die Self kan bring nie.

Ek verskil in hierdie opsig van Roodt (*Hoofstad* : 23 November 1981) wat van mening is dat die ekspedisie saam met die vreemdeling en die slavin kremetartboombestaan dien as simbool van haar bevryding van geestelike en sosiale knegskap. Haar kremetartboombestaan bied wel aan haar nuwe moontlikhede, maar soos later bespreek sal word, word sy ook binne hierdie ruimte beperk; in hoofsaak vanweë die geïnternaliseerde aard van haar begrensing.

Die teenwoordigheid van die "klein mensies" (heel waarskynlik Boesmans) wat begin om vir haar te sorg, gee erkenning aan haar bestaan. Maar omdat sy geen direkte omgang met hulle kan hê nie, is sy ook in hierdie konteks 'n geskepte identiteit. Soos sy dit verwoord:

Erken teenoor myself dat daar vir my niks anders oorbly as om my lot as versorgde gevangene te aanvaar en my dienooreenkomstig erkentlik te toon nie. (97)

Anita Lindenberg (*Die Vaderland* : 24 Junie 1982) maak in hierdie opsig die belangrike punt dat die Boesmans se vergoddeliking van haar slegs bestaan tot die slavin "as mens tussen mense herken wil word". As sy nakend voor hulle gaan staan, word sy verwerp.

Wanneer die "klein mensies" uitgemoor word, word haar bestaan steeds meer ingekrimp:

Eintlik langsamerhand al hoe stadiger asof ek tot stilstand gaan kom. My kontrei krimp soos my kragte afneem. Die smaad van nie vir myself te kan sorg nie. (108)

Die slavin ervaar by haarself egter nie slegs 'n eenheidservaring van haar Self nie. Tesame met die toekenning van haar slaafskap as identiteit van haar Self, is daar ook 'n ervaring van versplintering. Dit het in 'n groot mate te make met die uiteenlopende rolle wat sy as slavin moes speel. Sy was 'n slaaf maar moes ook die rolle vervul van "minnares en moeder en godin" (109) wat wel in wisselende mate magstposisies is. Sy sê egter dat hierdie rolle iets is om van te lag (109). Dit impliseer dat sy nooit heeltemal enige van hierdie persone vir haar eenaars was nie - sy het bloot die rolle gespeel. Nooit word daar ontkom aan haar primêre identiteit as slavin soos dit deur ander aan haar opgelê is nie.

Adhikari (Cuthbertson 1992: 35) verwys soos volg na een van die effekte wat slaafskap op die individu het: "Enslavement had a deleterious effect on people and inhibited their ability to function as

fully rounded human beings". Hierdie ervaring van die Self as gefragmenteerde eerder as 'n "fully rounded human being" is ook teenwoordig in die slavin se ervaring van haarself as gefragmenteerde in *Die kremetartekspedisie*.

Vervolgens sal ek aandag gee aan twee potensiële versoeners van verdeeldheid wat in hierdie novelle voorkom. Met 'versoening van verdeeldheid' word nie bedoel dat alle ervaring van versplintering opgehef word nie. Dit suggereer eerder die ervaring van verdeeldheid binne 'n geheel.

Eerstens word die versoeningsrol van water as metafoor van die Self bespreek. Tweedens word haar kremetartboombestaan, wat in 'n mate versoening bewerkstellig in haar tyd-ruimtelike ervaring, bespreek.

4.3 Potensiële versoeners van verdeeldheid

4.3.1 Water as metafoor van die Self

Daar bestaan by die slavin 'n alternatiewe ervaring van die Self, naamlik as 'n vervloeiende geheel - 'n identiteit wat in teenstelling is met die passiewe, vasgevangene situasie waarbinne die slavin haarself bevind. Die slavin beskryf dikwels haar eie wese in terme van water. Myns insiens suggereer die gebruik van water as metafoor van die Self 'n vervloeiende identiteit wat nie vasgevang of gedefinieer kan word nie.

Water dien ook hier as metafoor van 'n verbinding met ander oper wêreldde waardeur sy bevry kan word van die benouendheid van haar voortdurende slaafskap:

Die klaterende stroompie en dan die rivier waarin hy stil en bedees uitmond. Die rivier loop na waar die son en die maan opkom, na waar ek op 'n keer begin reis het, na die see van die stad van waar ons vertrek het op soek na 'n stad aan die see aan die ander uiteinde van die wêreld.
(108)

Water is egter nie net die verbindings-element tussen verskeie wêrelddele nie. Dit is ook die element waarmee sy identifiseer en waardeur daar 'n verband ontstaan tussen haar en die wêreld. Soos die kremetart die ruimte is waarbinne sy 'n vereniging ervaar van die verlede, hede en toekoms, is water die element waardeur sy verbinding ervaar met ruimtes van haar verlede maar ook ruimtes waarbinne sy haarself nooit bevind het nie.

Sy sien haar waterwese as die reddende faktor in haar slawebestaan. Dit is ook die faktor wat haar onderskei van ander slawe: "Dit weet ek: dat ek nie soos hierdies gedoem is nie [...]. Want ek is van water" (34).

'n Verder implikasie van die gebruik van water as metafoor van die Self lê in die eienskap wat die slavin aan water toeskryf - naamlik die teenwoordigheid van water in alles. Dit word gesuggereer in 'n soort ode wat deur haar aan water gerig word (63):

Water ja water
jy lewe in die riet se bed

en in die holtes van die kremetart
water jy kom uit die lug
water jy wel op uit die aarde
jy bedek die aarde
jy woon onder hom en bo hom
jou gees is so groot in 'n druppel
as in watersnood en storms
ek vang jou op en drink jou graag
water jy is in my

Sy verwys ook na haarself as: "[e]n geheel is ek en ook verdeeld en oral in alles aanwesig" (99). Daar is by haar die behoefte om nie misplaas te voel ten opsigte van haar ruimte nie maar om "oral in alles aanwesig" te wees. Soos die kremetart is water ook 'n potensiële versoener van verdeeldheid.

Hierdie siening van die Self beweeg weg van pogings om te definieer of af te baken. Die vervloeiende Self kan nie vasgevang word nie maar tog vorm dit vir haar 'n geheel. Dit vorm enersyds 'n geheel as identiteit maar ook 'n geheel ten opsigte van haar ruimte. Dit dien dus as soort vervloeiing tussen haar gefragmenteerde Self en haar gefragmenteerde werklikheidsbelewenis. Die eersgenoemde geheel verskil egter van die entiteitsgeheel wat ander aan haar toeken. Waar daar geen nuanses en differensiasie bestaan in haar gedefinieerde slaafskap nie, is hier wel 'n eenheid, gevorm deur tallose fragmente. Myns insiens bestaan daar nie by haar 'n "essensiële ek-heid" soos Olivier van mening is nie (*Rapport* : 24 Januarie 1982) nie. Haar Self het geen definieerbare kern nie omdat alle fragmente in voortdurende vloeiing is.

Die vraag ontstaan egter of sy ooit haarself werklik as vervloeiende geheel ervaar en of dit nie bloot 'n toestand is waarna gehunker word nie. Die legende dat God die kremetartboom verkeerdom geplant het (Palgrave 1990: 587), sou hier betrek kon word. Hier kan dit dui op haar onvermoë om 'n totale waterwese te wees omdat sy, soos die kremetart in die legende, nie geanker is in die grond om water in haarself op te neem nie. In hierdie novelle lê die enigste ontkoming aan die opgelegde identiteit in 'n ruimte wat nie gekoppel is aan die lewe of die dood nie, maar 'n toestand van "nie-wees nie". Hierdie "oplossing" van die problematiek van die geannekseerde identiteit, suggereer die onontkombaarheid van die opgelegde identiteit:

Ek hurk in die boom se maag en snap die flikkerende gedagtegang van my baba wat duisternis bo lewenslig verkies het. Dit is 'n ekstase van nooit wees. Dit is die enigste ware oorwinning: nòg die dood, nòg die lewe het betekenis. Dit is ewening. Dit is die volmaaktheid van nie-wees. (104)

'n Verband sou getrek kon word tussen die slavin se woorde oor die dood van die hamerkophaai en haar eie behoefte aan 'n toestand van nie-wees nie:

Rukbewegings fanaties tot die dood toe, oë wat tot die dood toe die wêreld halveer. Sal hy ook in die dood die een helfte met die ander helfte moet versoen om in daardie waas rigting te kry? [...] Links hang die dood as grys skynsel, regs hang die dood as grys skynsel, geen keuse vir hom nie maar miskien versin hy sy eie dood en kies hy die algehele niks van niks meer sien, en niks het nie 'n tint of 'n grein of substansie nie. (33)

Enersyds is daar by die slavin die behoefte om versoening te ervaar van haar versplinterde bestaan, maar vanweë die onbereikbaarheid van hierdie ideaal, verkies sy anersyds die niks of die nie-wees (wat ook onbereikbaar blyk te wees). As sy dan vra of die hamerkophaai "ook in die dood die een helfte met die ander helfte moet versoen", het dit ook betrekking op haar behoefte om te ontkom aan 'n lewe waarbinne sy voortdurend onversoenbares in haarself en in haar omgewing met mekaar moet probeer versoen.

Die ruimte van "nie-wees" word ook beskryf in terme van die losmaking van enige houvas. Hierdie losmaking is in skerp kontras met haar gedwonge beweging "van houvas tot houvas" as slavin:

Soos 'n voël losraak van 'n tak. 'n Vrug val. 'n Vlermuis.

Soos 'n vlermuis swart en soekend.

Duik ek in donker water en roei met my vlerke die anderkant in na waar in sakkende stilte ek my nie meer weet te help nie en doof vlieg al verder en verder. Ek sal rus vind in die onderstebo. Ek vou my vlerke in. (110)

Die behoefte aan 'n tyd waar die hede, verlede en toekoms versmelt (soos deur die kremetart voorgestel), word verruil vir die behoefte aan ruimteloosheid en tydloosheid. Geen tyd-ruimtelike konstruksie kan haar laat ontsnap uit haar gebondenheid nie omdat haar ingeperktheid uit elke ruimte oorgedra word tot die volgende vanweë die geïnternaliseerde aard van haar begrensing.

As sy dan sterf aan die einde van die novelle, word die leser bewus van die onontkombaarheid van haar situasie want ten slotte moes sy 'n keuse maak tussen die dood en die lewe. Ook in haar dood moes

sy, soos sy oor die hamerkophaai gesê het, probeer om twee helftes (die dood en die lewe) met mekaar te versoen. Maar ook hier kan daar nooit versoening wees nie omdat sy moes kies tussen die lewe en die dood. Die toestand van “nie-wees” bly dus vir haar 'n onbereikbare ideaal.

Van der Merwe (1994: 75) vra die volgende vraag in verband met haar dood en verskaf dan ook 'n antwoord:

Does [her suicide] mean that the woman is indeed dependent on the man, that she cannot on her own find meaning in life, and that she, when liberated from the man, would only use her freedom to destroy herself? That is not the picture in the novel. It is important to remember that the woman makes her own choice, that she finds the freedom to decide on life and death, instead of letting the man decide for her.

Eerstens is ek van mening dat die vraag onvanpas en irrelevant is, omdat dit nie hier gaan oor of vrouens in wese afhanklik is van mans nie. Die slavin se dood dien as simbool van die onontkombaarheid van haar opgelegde geannekseerdheid as gevolg van haar slaafskap. Dit handel myns insiens dus nie oor vrae rondom die “wesensaard” van vroue nie.

Tweedens verskil ek met die stelling wat in Van der Merwe se antwoord vervat is. Soos reeds genoem is dit juis haar keuseloosheid en onontkombaarheid aan die situasie wat vooropstaan. Die vooruitsigloosheid van die situasie waarbinne sy haarself bevind aan die einde van die novelle (“nog die lewe, nog die dood het betekenis” – 104), is die direkte gevolg van haar slaafskap. Alhoewel 'n man nie

direk vir haar besluit nie, bevind sy haar in hierdie situasie deur die patriargale slawebestel.

4.3.2 Die kremetart as chronotoop

4.3.2.1 Die term “chronotoop”

Die Bakhtiniaanse term “chronotoop”, verwys na die intrinsieke verwantskap tussen die temporele en ruimtelike elemente in ’n literêre werk. Hy verwoord dit as volg:

In the literary artistic chronotope, spatial and temporal indicators are fused into one carefully thought-out, concrete whole. [...] This intersection of axes and fusion of indicators characterizes the artistic chronotope. (1988: 84)

Volgens Bakhtin hoort temporele en ruimtelike aspekte nie bloot bymekaar nie, maar beïnvloed dit mekaar wesenlik omdat hierdie aspekte onlosmaaklik verbonde is aan mekaar.

’n Tweede belangrike punt wat Bakhtin maak, hou verband met die konkretisering of materialisering van tyd en ruimte, wat binne ’n artistieke werk meer as bloot abstrakte begrippe is. Hy verwoord dit as volg: "Time, as it were, thickens, takes on flesh, becomes charged and responsive to the movements of time, plot and history" (1988: 84). Tyd en ruimte word dus voelbaar, tasbaar, ritmies en visueel binne ’n literêre werk en verteenwoordig meer as bloot artistieke gereedskap van ’n skrywer.

Deur ondersoek in te stel na die tyd-ruimtelike ordening in ’n werk, kan bepaalde kulturele visies waar rondom ’n verhaal georganiseer is, ontsyfer word. ’n Bepaalde ideologie sou byvoorbeeld in ’n roman

herken kon word deur te let op hoe die wêreld in terme van tyd en ruimte georganiseer is.

Indien mens byvoorbeeld 'n reisverhaal lees waarbinne 'n manlike, Europese reisiger 'n reis onderneem na 'n Afrikaland met die motief om 'n outentieke ervaring te hê van hoe die wêreld sou kon wees voor die ontwikkeling van “beskaafde” volkere, sou mens die volgende hoofchronotoop kon onderskei:

Die wêreld waarbinne hierdie hipotetiese verhaal afspeel, word ruimtelik verdeel tussen Beskaaf en Onbeskaaf. Die beweging wat plaasvind tussen hierdie ruimtes word onderneem deur die beweeglike en aktiewe reisiger wat vanuit die ‘beskaafde’ ruimte inbeweeg in die ‘onbeskaafde’ ruimte. Deur hierdie beweging, is dit nie slegs die Westerling wat fisies beweeglik is nie; ook die Westerse wêreld met alles wat daardeur verteenwoordig word, word saam met die beweeglike agent ingebring in die ‘onbeskaafde’ ruimte. Hier word die twee wêrelddele ook opgestel as Aktief teenoor Passief, dit wat beweeglik is teenoor dit wat onbeweeglik is.

Telkens word die onbekende Afrikaland in wese die Ander, omdat dit gedefinieer word vanuit die posisie van die eie Westerse land, in terme van wat die Westerse land is en die Afrikaland nie is nie. Die Afrikaland word dus in negatiewe terme beskryf. Hier is gevolglik ook 'n hiërargiese beweging vanaf dit wat op 'n Westerse ontwikkelingskaal hoër geag word, na dit wat 'n laer posisie beklee. Daar is terselfdertyd hoop in sy motief opgesluit om temporeel terug te beweeg na dit wat in die verlede lê - dit wat nog “onontwikkeld” en terselfdertyd ‘outentiek’ is. Tyd-ruimtelik is hier dus 'n beweging na iets wat vroeër bestaan het en hiërargies ‘laer’. Binne hierdie chronotoop word verskeie sieninge geïmpliseer wat die onderwerp is

van postkoloniale studies. Deur ondersoek in te stel na die tyd-ruimtelike ordening in die verhaal kan verskeie van hierdie kwessies blootgelê word.

In literêre werke is daar dikwels verskeie chronotope aanwesig en kan dit ook, buiten dat dit sekere ideologiese konsepsies impliseer, konstruksies wees waarbinne 'n karakter hom/haar posisioneer ten opsigte van tyd en ruimte. In die hieropvolgende gedeelte sal ek aandag skenk aan die kremetart as tyd-ruimtelike konstruksie om hierdeur aan te dui hoe die kremetart in sekere opsigte bevryding bied aan die slavin.

4.3.2.2 Die kremetart as tyd-ruimtelike konstruksie

Die kremetart as tyd-ruimtelike konstruksie staan sentraal in hierdie novelle. Die kremetart as ruimte neem gelyktydig die posisie van beginpunt, middelpunt en eindpunt in binne tyd. Daar is dus ook hier in Bakhtiniaanse terme sprake van tyd wat ruimte word en omgekeerd.

In die roman kan twee verhaalstrome onderskei word: Die eerste verhaalstroom is die slavin se weergawe van haar lewensreis wat uitloop op die kremetart. Die tweede is haar gedagtereis waarvan die kremetart die beginpunt is.

Die verteller ervaar die kremetart ook as middelpunt. Hier is 'middelpunt' tweeduidig. Enersyds dui dit op 'n middelpunt in tyd. Andersyds dui dit op 'n metaforiese middelpunt omdat die kremetart die rol van anker vervul vir die slavin. Sy verwoord haar ervaring van die kremetart as middelpunt soos volg: "my toevlug, my laaste oord

voor 'n verhuising waaroor ek geen beheer hoegenaamd sal hê nie, my middelpunt" (27).

Hierdie ervaring van die kremetart as middelpunt, kan gesien word as 'n punt in tyd waar haar verlede, hede en toekoms verbind word. Dit is dus 'n punt wat as geheel voorkom, maar binne hierdie geheel is daar ook 'n voortdurende vervloeiing van verlede, hede en toekoms. Die geheel is dus 'n intern-beweeglike geheel.

Sy noem die kremetart haar "toevlug" en "laaste oord", en verteenwoordig die kremetart 'n eindpunt. Dit is egter 'n tydelike eindpunt of "laaste oord", want sy is bewus van 'n "toekomstige verhuising" met 'n onbepaalde bestemming. Die kremetart neem dus 'n posisie in tussen verlede en toekoms, maar terselfdertyd bestaan die kremetart as middelpunt uit die verlede, die hede en die toekoms.

4.3.2.3 Die kremetart as potensiële versoener van verdeeldheid

Die ruimte van die kremetart word deur die slavin verbind aan 'n tyd waarbinne sy veilig voel:

Ek is holderstebolder daar weg, vreesbevange en vasberade om by die kremetart te kom voordat die blitse begin speel, maar veral vasberade om betyds terug te wees in die tyd waarin ek tuis is[...] (96-97)

Die veiligheid wat sy ervaar in 'n tyd waar verlede, hede en toekoms deurmekaarvloei, hou verband met haar behoefte om haar Self as geheel te ervaar, sonder om die verdeeldheid in haar te ontken. Waaraan sy dus behoefte het, is nie die opheffing van verdeeldheid

nie, maar om die verdeeldheid binne 'n geheel te ervaar. Sy noem die versplintering waaraan sy behoefte het, "die heerlike wete van versplintering" (99). Sy verwys ook na haarself as "[e]en geheel is ek en ook verdeeld en oral in alles aanwesig" (99). Sy het dus ook 'n behoefte om nie misplaas te voel ten opsigte van haar ruimte nie, maar om "oral in alles aanwesig" te wees.

4.3.2.4 Die kremetart as teken van die eie geskiedenis

Die verteller beskryf die slavinne as volg: "Piepmuisies in 'n groot gedruis is ons [...]" (22). Hierdie beskrywing sluit aan by haar ervaring van haar (en ander slavinne) se posisie binne Die Geskiedenis. Met "Die Geskiedenis" bedoel ek daardie gedeelte van die verlede wat amptelik opgeteken en oorgelewer word en sodoende status verkry. Sy verwys byvoorbeeld na haar en ander se ingevangenisneming as 'n "versonke geskiedenis" (38).

Hierdie ervaring van die verteller van 'n verlore binne die gang van dinge sluit ten sterkste aan by haar behoefte om tyd te meet en te orden. As sy die krale wat sy opgetel het, gebruik om tyd te meet, sê sy dat die krale 'n "vasberade poging tot dagtekening" (5) is. Die keuse van die woord "dagtekening" is veelbetekenend. Die woordeboekbetekenis van "dagtekening" is "Die hoeveelste van die maand en jaar aangee" (*HAT*). Ironies is die volgende sin in die novelle: Ek het hulle *heelparty dae gelede* opgetel en *mettertyd* eers die ingewing gekry." (5) [eie kursivering - MJ]. Daar kan vir haar slegs pogings wees om 'n greep te kry op die opeenvolging van dae, maande en jare wat "benoem" kan word, en daarom is sy eintlik verlore binne die "groot" tyd of "Die Geskiedenis". Mens sou dit kon sien as haar eie klein persoonlike tyd wat sy vir haarself tasbaar

probeer maak deur die krale te gebruik, maar wat eintlik los staan van die groter gang van dinge. Sy stel dit as volg:

Omdat ek my daarteen verset om maar net 'n gaap in die lui gang van die dae te wees, maar net 'n verbygaande asemteug, 'n ondergeskikte klop in die ritme, 'n skim in 'n breukdeel van die ewigheid. (14-15)

Die kremetart dien enersyds as bevrydende ruimte omdat die verteller die boom vir haarself as tuiste geneem het. Sy skep sodoende vir haarself 'n ruimte waarbinne sy iets van haarself kan terugvind. Die kremetart neem vanweë 'n middelpuntposisie op tydruimtelike vlak, ook posisie in as haar middelpunt - 'n ruimte waaraan sy haarself, haar ervarings van die verlede en hede en haar onsekerheid oor die toekoms (tydelik) kan veranker:

[...] getroue kremetart, vertroueling, huisvesting, fort, waterbron, medisynekas, heuninghouer, my toevlug, my laaste oord voor 'n verhuising waaroor ek geen beheer hoegenaamd sal hê nie, my middelpunt, bewaarder van my hartstogtelike uitbarstings [...] (27-28).

As die verteller 'n ystervarkpen neem en merke in die boom krap, word dit 'n transponering van die eie, private geskiedenis op haar omringende omgewing. Hierdeur neem sy haar ruimte op en word dit 'n eie, persoonlike ruimte deur haarself te laat oorvloei in die kremetart:

So versier ek jou strepie vir strepie met ons hersenskimme sodat jy die belaglikheid kan verwerk, vergroei, glad maak,

die nuttelose inligting dikvellig kan bewaar tot die dag van selfontbranding. (28)

4.3.2.5 Die rol van die kremetart in die slavin se verhouding met die Self

Daar is egter nie net sprake van oorfloei en eenwording met die kremetart nie. Sy ervaar 'n behoefte om buite die self te tree omdat sy haar vasgekeer voel in die ruimte van die Self, omdat die Self geannekseer is en gevolglik vreemd vir haar voorkom. Sy verwoord hierdie gevoelens as sy die tweede keer op die markplein verkoop word:

'n Ander bekyk my kop, die binnekant van my mond, my bekken, my arms en bene. Hy twyfel. Wat trek skeef? [...] Waar lek dit? Waar kraak dit? Wat is verbrou? [...] Gebruiksgoedere van die manlike en vroulike geslag. Een vir een. Ek bly oor. [...] Wat skort? Wat is verdraai? Ek sien nie meer my kind nie. Ek tol in die rondte. Niks te sien. Ek skreeu na binne. Kon ek my maag oopsny, my derms uitryg. Ek soek 'n mes. Kon ek myself uit myself uitspu. [...] Ek is haat en haat se mombakkies. Ek is wanskapig. Daar is 'n slang in my bloed. Ek drink my eie bloed. Ek skop in my floute. Ek spartel. (40-41)

Op p. 69 verwoord sy haar vreugde as sy haarself nie kan inhaal nie as volg: "Ek probeer my lang lang skaduwee inhaal met groter en groter treeë. Om op my kop te kan trap. Nooit haal ek myself in nie, sug ek gelukkig."

Deur die transponering van haar ervaringe op die kremetart, kan sy afstand neem van die Self, en die geskiedenis van die Self afstandelik (maar terselfdertyd ten nouste verbonde) beskou:

En voldaan sit ek die ystervarkpen neer en staan 'n ent agtertoe om my handewerk arms in die sye te betrag. Jy is vol van my letsels, kremetart. Ek het nie geweet ek het so baie nie. (28)

Betekenisvol is die gebruik van die woord "voldaan" in stede van "selfvoldaan". Myns insiens kan hierdie weglating van 'self' impliseer dat daar 'n invulling van die leegheid is deur uit die Self te tree en die Self van buite te beskou. Deur die krapmerke op die kremetart te maak, maak sy haar eie taallose geskiedenis sigbaar en tasbaar vir haarself. As geannekseerde objek probeer sy om vir haarself 'n subjekposisie in te neem.

4.3.2.6 Ingeperktheid binne die ruimte van die kremetart

Volgens Palgrave (1990: 587) het die kremetartboom as "gebou" al uiteenlopende funksies verrig. Die hol boomstam is gebruik as huis, as opgaarplek en as plek van beskerming. Die slavin noem dan ook verskeie rolle wat die boom verrig vir haar: "huisvesting", "fort" en "toevlug" (27) en die kremetart speel enersyds vir haar 'n bevrydende rol soos reeds bespreek. Palgrave (1990: 587) noem egter ook dat die kremetart buiten bogenoemde gebruike, ook as tronk gebruik is. Hierdie gegewe sou verbind kon word met die beperkende rol wat die kremetart andersyds aan die slavin oplê.

Die verteller bly in 'n groot mate ingeperk binne die ruimte van die kremetart. As sy al die landskappe neem waardeur sy gereis het en vir haar 'n oop landskap wil skep deur die ervaarde landskappe langs mekaar te plaas, ervaar sy dat alle ruimtes ingekrimp het tot die kremetart. Haar "nuwe" landskap is beperk tot die omringende omgewing van die boom: "Nou hier in my kremetart word ek reg rondom ook maar deur horison ingeperk. Breek mens dan nooit deur 'n horison nie?" (43).

Haar ervaring dat haar ruimte nooit volledig oop is nie, hou verband met haar ervaring van reis en beweging as geannekseerde identiteit. Die vorme van reis wat sy meemaak, is altyd gebonde aan 'n middelpunt, hetsy dit 'n eenaar, die (manlike) vreemdeling, of die kremetart is:

Dit is die klere van 'n nuwe lewe waarmee ek al in die rondte al om die kremetart reis en hom nooit uit die oog verloor nie want wat op die pad terug lê, het eenmalig gebeur en wat in watter rigting ook al na die anderkant lê, is, bitter besef, nie vir my beskore om op my eie aan te durf nie.

[...] Nee, laat ek [haar vreemdeling - MJ] nie vervloek nie. Hoe moes hy weet dat daar vir my geen keuse was as om hom te volg nie, want ek is nie 'n soeker nie, ek is 'n gedrewene van omstandigheid na omstandigheid en wie my koop, moet my hou en sal my dié keer hou. Soms is dit aangenaam voordelig en maklik om besitting te wees. Ek is net iemand saam met iemand anders. (43-44)

Interessant is dat haar gebondenheid aan die manlike vreemdeling genoem word net nadat sy verwys het na haar gebondenheid aan die

kremetart. Ook verwys sy na die kremetart as manlik, "hom", en is daar by haar 'n duidelike ervaring van die kremetart as 'n soort manlike sentrum. As vroulike, geannekseerde objek was haar ruimtes, en die beweging daartussen, altyd gekoppel aan dié van die manlike eienaar en kan sy nie enige beweging aandurf, los van 'n sentrum nie.

Wolff (1993: 229) maak die stelling dat reismetafore gender-gebonde is, omdat vroue nie dieselfde mate van vryheid en beweeglikheid besit om hulle los te maak van dit wat as 'tuis' bestempel word nie. In hierdie teks tree die gendered-aard van reis en beweeglikheid sterk na vore. As die vroulike slavin wel reis, is dit as deel van 'n manlike ontdekkingsreis. Enige ander reis of beweging wat sy wil onderneem as sy haar "nuwe", "vrye" ruimte van die kremetart betree het, word beperk vanweë die problematiek van 'n afwesige sentrum waaraan sy steeds gekoppel is, maar waarvan sy tog ook nie deel is nie. Sy kan dus slegs as perifere aanvoegsel van die sentrum beweeg, sonder om ooit in die sentrum opgeneem te word. Die "gendered"-aspek van reis word in hierdie novelle egter verder gevoer omdat die geannekseerdheid van die slaaf se identiteit hier 'n hoofrol speel. Dit is meer spesifiek haar *geannekseerde* vrouheid en identiteit wat haar beweging beperk. Die geannekseerdheid van haar eie identiteit spoel oor in haar "nuwe" ruimte en in hierdie opsig kan die titel van die novelle geïnterpreteer word as 'n ekspedisie *binne* die ruimte van die kremetart. Daar word dus nooit van die kremetart as sentrum afstand gedoen nie en slegs gebonde beweging is moontlik.

Die slavin ervaar haar onontkombaarheid aan die geannekseerde Self en die koppeling van haar bestaan aan die opgelegde ruimte in skerp teenstelling met die vryheid van die manlike sentrum:

Ons bestaan waar ons ons op die oomblik bevind, en hulle, die vreemdeling en die oudste seun, bestaan van die kusstad tot hier en verder tot by die woestynstad en die ander begeerde stede, en hulle bestaan selfs verder as dit, hulle bestaan tot oorkant die seë wat tussen die lande lê en ook in daardie lande bestaan hulle. Maar ek is verbintenisloos. Ek is uitsluitlik ek. (83)

Die slavin se ervaring van verbinteloosheid, kan gekoppel word aan een van verskeie legendes wat volgens Palgrave (1990:588) rondom die kremetartboom ontwikkel het. Hiervolgens word beweer dat God hierdie bome verkeerdom geplant het met die gevolg dat die wortels in die lug groei. Hierdie legende kan meerduidige funksies verrig in die novelle. Enersyds kan dit dui op die slavin se ontworteldheid binne 'n bepaalde historiese konteks. Dit kan ook dui op haar dislokasie ten opsigte van haar plek van geboorte en haar gemeenskap waar sy vandaan gekom het.

Beide water en die kremetart is dus slegs *potensiële* versoeners van verdeeldheid omdat die slavin se ervaring van hierdie versoening slegs kortstondig kan wees. Daar is in albei hierdie metafore 'n dualiteit opgesluit van beide inperking en bevryding. Deur op hierdie wyse met die metafore om te gaan, word die onmag van representasie beklemtoon omdat die anneksasie van die slavin so totaal is dat haar versplinterde wese nie deur haar woorde of metafore tot geheel gebring kan word nie. Haar versplinterdheid bestaan reeds in alle moontlike woorde wat gebruik kan word.

Hierdie onmag van die slavin se eie woorde en haar geskepte metafore suggereer egter ook die onvolledigheid van woorde in die algemeen. In hierdie novelle stel Stockenström enersyds die

onvoorstelbare voor deur dit onder woorde te bring, maar terselfdertyd word daar nie sluiting gegee aan dit wat in wese onvoorstelbaar is nie. So vorm hierdie novelle 'n stem binne die voortdurend onvoltooide proses van geskiedskrywing.

5. Samevatting en refleksie

In hierdie studie is daar eerstens aandag gegee aan verskeie probleme rondom die voorstelling van enige gebeurtenis of toedrag. Daar is gekyk na die problematiek rondom die bestaan van 'n objektiewe werklikheid en hierdie kwessie is uitgebrei na die terrein van die historiografie. Vervolgens is die “wetenskap” van geskiedskrywing bespreek om aan te dui hoe die siening oor die aard van historiografie ontwikkel het tot hedendaagse persepsies binne 'n postmoderne konteks.

Hierdeur is aangedui dat enige ideaal om die werklikheid objektief en volledig voor te stel, in wese onbereikbaar is. Met hierdie stelling as agtergrond is enige vorm van geskiedskrywing as subjektief en onvolledig bestempel. Daarom kan daar verwys word na geskiedskrywing as 'n voortdurend onvoltooide proses.

Hieropvolgend is aandag geskenk aan die term “representasie” binne literatuur om aan te dui wat die verband tussen “werklikheid” en literatuur is. Twee sienings van hierdie verwantskap is bespreek en die gevolgtrekking is gemaak dat ook literatuur slegs 'n seleksie uit 'n subjektief-beleefde werklikheid is en nooit volledig kan wees in die representasie van die werklikheid in die algemeen en meer spesifiek van die verlede nie.

Tog speel literatuur 'n belangrike rol om deur middel van die verbeelding, dit wat in wese onvoorstelbaar is, wel voor te stel sonder om volledigheid of objektiwiteit te pretendeer. Aan die hand van die term 'verbeelding' soos deur Degenaar gebruik, is daar bespreek hoe

literatuur kan dien as 'n verbeeldingsgedrewe vorm van werklikheidskonstruering en hoe nuwe perspektiewe op die (opgetekende) verlede geskep kan word, veral daar waar die geskiedenis en perspektiewe van mense en groepe verswyg is, hetsy deur die weglating daarvan in geskiedenisbronne of deur die gebrek aan 'n opgetekende weergawe van hulle eie ervaring.

Vervolgens is historiografiese diskoers met fiksionele diskoers vergelyk om sodoende aan te dui waar die verskil lê, gegewe die subjektiewe aard van albei hierdie diskoerse. Daar is aangedui dat dit nie hier gaan om die vervanging van die een diskoers met die ander nie, maar om die rol van elk in die weergee van dit wat in die verlede plaasgevind het. Historiografie en letterkunde is dus mede-tekste in die proses van geskiedskrywing.

As afsluiting van afdeling twee is 'n kort oorsig gegee oor Suid-Afrikaanse geskiedskrywing oor slaafskap en die leemtes hiervan is aangedui.

In afdeling drie het enkele aspekte van slaafskap aan die orde gekom as agtergrond vir die bespreking van die representasie van slaafskap in *Die kremetartekspedisie* in afdeling vier. Drie onderling-verwante kernaspekte van slaafskap is uitgelig - eerstens die aard van die Meester/Slaafverhouding as magswanverhouding, ten tweede dat hierdie magswanverhouding gemanifesteer word in die eienaar se wetlike besit van die slaaf en die gepaardgaande ontneming van die slaaf se vryheid en derdens die verliese wat die slaaf ly binne die konteks van slawerny.

In afdeling 4 is hierdie aspekte in fyner besonderhede bespreek aan die hand van 'n ondersoek na die representasie van slaafskap in *Die*

kremetartekspedisie. Die twee hoofaspekte van slaafskap wat aan die orde gekom het, is slaafskap as 'besitting-wees' en die slavin se ervaring van haar Self as geannekseerde - twee aspekte wat sentraal staan binne hierdie novelle.

In hierdie afdeling is daar eerstens aangedui hoe die wetlike besit van 'n slaaf lei tot 'n oornameword van elke deel van die slaaf se bestaan - die inbreuk wat gemaak word op seksuele liggaamlikheid, die verlies van kinders, genealogiese isolasie en die verlies van taal.

Tweedens is die slavin se ervaring van haar Self as geannekseerde bespreek. Daarna word 'n alternatiewe ervaring van die Self, waarbinne die slavin 'n mate van versoening vind, bespreek aan die hand van twee deurlopende metafore wat in hierdie novelle voorkom, naamlik 'water' en 'die kremetart'. Deur hierdie ontleding is aangedui op welke wyse die slaaf se eie ervaring gerepresenteer word.

In 'n postmodernistiese denkklimaat waar die bestaan van 'n objektiewe werklikheid bevraagteken word, word daar wegbeweeg van enige poging om die werklikheid finaal te ken en te beskryf. Daar is 'n hoë bewustheid van die subjektiewe aard van enige vorm van werklikheidskonstruering en binne alle vorme van wetenskapsbeoefening word die bestaan van die enkele waarheid ontken.

So kan daar ook nooit 'n enkele verhaal oor die verlede vasgepen word nie. Binne die historiografie kan die geskiedskrywer hom/haar wend tot argiewe en dokumente wat getalle en feite bevat, maar geen argief of dokument kan die verlede teenwoordig stel nie. Die geskiedskrywer moet deur middel van primêre bronne, wat op sigself

subjektief is, 'n verhaal konstrueer wat maar 'n enkele verhaal is binne die groter gang van dit wat in die verlede gebeur het.

So gesien, is die verlede 'n eindelose aantal verhale wat moontlik saam Die Groot Verhaal sou kon vorm, maar vanweë die onkenbaarheid van die totaliteit van alle verhale, is die Groot Verhaal slegs 'n teorie.

Deur die erkenning van die onmoontlikheid om die verlede finaal weer te gee, word daar ruimte gelaat vir 'n verskeidenheid wyses waarop die verlede gerepresenteer kan word. Een van die maniere, in aanvulling tot tradisionele geskiedskrywing, is deur die literêre verbeelding.

In gevalle waar die verhale van die verlede nêrens opgeteken is nie, soos die ervaring van die slaaf binne 'n Suid-Afrikaanse konteks, kan daar deur die verbeelding verhale geskep word wat saam met die opgetekende verlede 'n breër geskiedenis vorm.

So kan daar op verbeeldingryke wyse stemme verleen word aan die stemloses van die verlede en kan dit wat in wese onvoorstelbaar is, wel voorgestel word.

7. Bronnelys:

Armstrong, James & Nigel Worden. 1992. The slaves, 1652-1834. In: Elphick, Richard & Hermann Giliomee. (red.). 1992. *The Shaping of South African Society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Bakhtin, M.M. 1988. Forms of time and of the chronotope in the novel. In: Michael Holquist (red). *The Dialogic Imagination*. Austin: University of Texas Press.

Bevir, Mark. 1994. Objectivity in history. *History and Theory* 33 (3): 328-344.

Blumberg, Marcia. 1991. Languages of violence: Fugard's Boesman and Lena. *Themes in Drama* 13: 239-249.

Brink, André P. 1973. *Kennis van die aand*. Pretoria & Kaapstad: Human & Rousseau.

Brink, André P. 1975. *'n Oomblik in die wind*. Pretoria & Kaapstad: Human & Rousseau.

Brink, André P. 1982. *Houd-den-bek*. Pretoria & Kaapstad: Human & Rousseau.

Bruner, J.S. 1990. *Acts of meaning*. Cambridge: Harvard University Press.

Bulhof, I.N. 1983. Imagination and interpretation in history. In: Schulze, Leonard & Walter Wentzels. *Literature and History. Literary Form and Historical Understanding*. New York & London: Langham.

Bulhof-Rutgers, I.N. 1984. Geschiedenis – verhaal of wetenskap? *Taal en Geschiedenis*. Uitgave Stichting Groniek Groningen 89/90: 76-94.

Coetzee, Ampie. 1984. Die kremetartekspedisie: 'n Marxistiese dekonstruksie. *Standpunte* (3): 39-49.

Cohen, Eliot. 1989. *Philosophers at Work: An Introduction to the Issues and Practical Uses of Philosophy*. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Cuthbertson, Greg. 1992. Cape Slave historiography and the question of intellectual dependence. *South African Historical Journal* 27: 26-49.

Degenaar, J.J. 1981. Ideologie, vervreemding en woordkuns. In: Malan, Charles & Bartho Smit. *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr.

De Lange, A.M. 1992. Representasie. In: Cloete, T.T. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria : HAUM-literêr.

Gardner, J.H. 1988. 'n Marxisties-feministiese ondersoek van Wilma Stockenström se roman *Die kremetartekspedisie*. Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Kaapstad: Rhodes Universiteit.

Gray, Stephen. 1991. Some Notes on Further Readings of Wilma Stockenström's Slave Narrative, The Expedition to the Baobab Tree. *Literator* (1): 51-59.

Hall, John. 1979. *The Sociology of Literature*. New York: Longman.

Hare-Mustin, Rachel en Jeanne Marecek. 1990. *Making a Difference. Psychology and the Construction of Gender*. New Haven & London: Yale University Press.

Heese, Hans. 1992. Slawerny in die Afrikaanse geskiedskrywing. In: Bredekamp, H.C. *Afrikaanse geskiedskrywing en letterkunde. Verlede, hede en toekoms*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland se Instituut vir Historiese Navorsing.

Jenkins, Keith. 1991. *Re-thinking History*. London & New York: Routledge.

Lindenberg, Anita. 1982. Hoogs persoonlike roman die indrukwekkendste van afgelope tyd. *Die Vaderland*, 24 Junie.

Lindenberg, Ernst. 1981. Prosa-ekspedisie is verrykend. *Beeld*, 9 November.

McHale, Brian. 1992. *Constructing Postmodernism*. New York: Routledge.

More, Percy. 1994. Hegel, the black Atlantic and Mphahlele. *Alternation* 1 (2): 2-14.

Oboe, Annalisa. 1994. *Fiction, History and Nation in South Africa*. Padova: Supernova.

Odendaal, Welma. 1988. Gesprek met Wilma Stockenström: 'Ek het 'n onregverdige reputasie ...'. *Die Suid-Afrikaan* (5).

Olivier, Gerrit. 1982. Al wat oorbly vir die slavin is haarself. *Rapport*, 24 Januarie.

Olivier, Gerrit. 1983. Tevergeefse ekspedisies. *Standpunte* (2): 7-12.

Palgrave, Keith. 1990. *Trees of Southern Africa*. Kaapstad: Struik.

Patterson, Orlando. 1982. *Slavery and Social Death. A Comparative Study*. Cambridge, Massachusetts & London: Harvard University Press.

Pollock, Griselda. 1994. Territories of desire: reconsiderations of an African childhood". In: Robertson et al. *Travellers' Tales: Narratives of Home and Displacement*. London & New York: Routledge.

Rigney, Anne. 1989. Adapting history to the novel. *New Comparison* 8: 127-143.

Roodt, P.H. 1981. Liriese roman 'n boeiende aanwinst. *Hoofstad*, 23 November.

Shell, Robert. 1986. *Slavery at the Cape of Good Hope 1680 - 1731*. Ongepubliseerde proefskrif. Michigan: Yale University.

Shell, Robert. 1994. *Children of Bondage. A Social History of the Slave Society at the Cape of Good Hope, 1652 - 1838*. London: Wesleyan University Press.

Stockenström, Wilma. 1981. *Die kremetartekspedisie*. Pretoria & Johannesburg: Human & Rousseau.

Tarnas, Richard. 1991. *The Passion of the Western Mind*. Reading: Pimlico.

Van Coller, H.P. 1992. Grensliteratuur. In: Cloete, T.T. *Literêre Terme en Teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Van der Merwe, C.N. 1994. *Breaking Barriers: Stereotypes and the Changing Values in Afrikaans Writing: 1875-1990*. Amsterdam: Rodopi.

Venter, L.S. 1981. Ondanks insinkings 'n puik bydrae. *Die Volksblad*, 13 Oktober.

Wolff, Janet. 1993. On the road again: metaphors of travel and cultural criticism. *Cultural Studies* 7 (2): 224-239.

Worden, Nigel, Ruth Versfeld, Dorothy Dyer & Claudia Bickford-Smith. 1996. *The Chains that Bind us: a History of Slavery at the Cape*. Kenwyn: Juta.